

**RGN-/NOR-onderzoek na strategieë vir opleiding
en plasing van die gestremde persoon**

Ondersteunende verslag 3:

**Statistiese perspektiewe op werkende
en werklose gestremde persone**

**J.J. Jacobs
S. Viljoen**

001.3072068 HSRC ERP

**BIBLIOTEEK
LIBRARY**

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL



RGN-HSRC

RGN-/NOR-onderzoek na strategieë vir opleiding
en plasing van die gestremde persoon

Ondersteune



RGN-HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEK- EN
INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND
INFORMATION SERVICES

Statistiese pr
en werklose

VERVALDATUM/DATE DUE


J.J. Jacobs
S. Viljoen

19/6
30 NOV 1991

30 AUG 1994

2547

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1989



Die RGN-onderwysnavorsingsprogram is organisatories en administratief verbonde aan die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN).

Die Nasionale Opleidingsraad (NOR), Departement van Mannekrag, is 'n statutêre instelling met as hoof funksie om die Minister van Mannekrag te adviseer oor enige aangeleentheid rakende opleiding en mannekrag.

Navorsingspan: J.J. Jacobs M.Sc.
S. Vijoen B.Com.

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Uitvoerende Direkteur: Dr. S.W.H. Engelbrecht

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Gedruk deur die RGN
Pretoriusstraat 134
PRETORIA
0002

RGN BIBLIOTEK	
1990 2. - 2.	
HSRC LIBRARY	
STANDKODE	AANWINSNUMMER
CC1.3672068	082676
HSRC ERP	

VERKLARING

Hierdie verslag is deur die bogenoemde navorsingspan, onder leiding van die Projekkomitee: Opleiding van die gestremde persoon, voorberei. Die werkkomitee van die RGN-/NOR-onderzoek na strategieë vir opleiding en plasing van die gestremde persoon, het drie projekkomitees (Opleiding, Plasing en Wetgewing) saamgestel met die doel om leiding aan die navorsingspanne te gee.

Die bevindings, menings en aanbevelings vervat in hierdie verslag weerspieël nie noodwendig die standpunt van óf die RGN, óf die NOR, óf die werkkomitee van die onderzoek nie. Die amptelike standpunt van die werkkomitee is vervat in die hoofverslag wat aan die Minister van Mannekrag oorhandig is.

Aangesien hierdie verslag deur die betrokke navorsingspan voorberei is, verskil dit ietwat ten opsigte van tegniese en taalversorgingvoorskrifte wat vir RGN-verslae geld.

STRATEGIEË VIR DIE OPLEIDING EN
PLASING VAN DIE GESTREMDE PERSOON

STATISTIESE PERSPEKTIEWE VAN DIE
WERKENDE EN WERKLOSE
GESTREMDE PERSOON

Navorsingspan:

J.J. Jacobs
S. Viljoen

Instituut vir Arbeidsekonominavorsing
RGN

As 'n' navorsingspan wil ons graag die volgende persone en instansies bedank vir hulle bydraes en ondersteuning:

Die koördineerders.

Dr. J.H. Beukes, die Uitvoerende Direkteur van INAN.

Die ondersteunende personeel by INAN.

Die Nasionale Gestremdesorgliggame met inbegrip van hulle streekskantore.

Die Departement van Mannekrag wat besondere moeite gedoen het met die verskaffing van werkloosheidstatistiek, en

Die Sentrale Statistiekdiens vir die beskikbaarstelling van die bevolkingsensusinligting.

EKSERP

Hierdie verslag verskaf 'n oorsigtelike beeld van die samestelling van die gestremde bevolking in die RSA in 1985. Die gestremde bevolking van tussen 15 en 64 jaar oud is vir elke gestremdheidskategorie verdeel volgens ekonomiese aktiwiteit (werkend en nie-ekonomies bedrywig). Die werkende gestremde bevolking is verder verdeel volgens tipe gestremdheid, bevolkingsgroep, geslag, ouderdom, kwalifikasie, beroep en geografiese gebied. Waar moontlik is die samestelling van die gestremdes vergelyk met dié van die totale bevolking in die RSA. Die werklose gestremdes kon weens 'n gebrek aan betroubare statistiek nie in dieselfde besonderhede ontleed word nie. Altesaam 3,85 miljoen persone (of 14 % van die totale bevolking) was gestremd in die RSA. Ongeveer 20 % van die gestremdes tussen 15 en 64 het gewerk, terwyl 8 % aangedui het dat hulle werkloos was. Die gebrek aan betroubare inligting plaas ernstige beperkings op sinvolle mannekragbeplanning. Dit is noodsaaklik dat data op 'n deurlopende grondslag vir gestremdes ingewin sal word ten einde indiensplasingstrategieë te ontwikkel.

ABSTRACT

This report provides a synoptic picture of the composition of the disabled population in the RSA in 1985. The disabled population between 15 and 64 years is divided according to economic activity (employed, unemployed and not economically active) for each type of disability. The employed disabled population is then further classified according to type of disability, race, sex, age, qualification, occupation and geographical area. Where possible, the position of the disabled population is compared with that of the total population in the RSA. Owing to a lack of dependable statistics, the unemployed disabled could not be analysed in the same detail as the employed disabled. In total 3,85 million people (or 14 % of the total population) are disabled in the RSA. Approximately 20 % of the disabled between the age of 15 and 64 worked, while 8 % were unemployed. The lack of dependable data restricts meaningful manpower planning. In order to develop employment strategies it is essential that data on disabled persons be collected on a continuous basis.

INHOUD

BLADSY

	Ekserp	iii
1.	INLEIDING	
1.1	Agtergrond	1
1.2	Probleemstelling	2
1.3	Doel met die ondersoek	3
1.4	Metodologie	3
2.	VOORKOMS EN VERSPREIDING VAN GESTREMDHEID	7
2.1	Voorkoms van gestremdheid	7
2.2	Ekonomiese bedrywigheid van die gestremde persoon	11
3.	SAMESTELLING VAN DIE WERKENDE GESTREMDE BEVOLKING	16
3.1	Bevolkingsgroep- en geslagsamestelling	16
3.2	Ouderdomsverdeling	19
3.3	Kwalifikasiepeilverdeling	19
3.4	Beroepsverdeling	28
3.5	Geografiese verspreiding	33
3.6	Slotopmerking	33
4.	SAMESTELLING VAN DIE WERKLOSE GESTREMDE BEVOLKING	35
4.1	Inleiding	35
4.2	Werkloosheidstatistiek van die Departement van Mannekrag	35
4.3	Inligting van die Nasionale gestremdesorgliggame	40
4.4	Werklose en nie-ekonomies bedrywige gestremde bevolking	42
5.	SAMEVATTING EN AANBEVELINGS	47
5.1	Inleiding	47
5.2	Voorkoms en verspreiding van die gestremde bevolking	47
5.3	Werkende gestremdes	49
5.4	Werklose gestremdes	50
5.5	Aanbevelings	54
5.6	Slotperspektief	58

BYLAE A: PROBLEME ONDERVIND EN LEEMTES IN DIE ONDERSOEK	59
BYLAE B: GESTREMDHEIDSINDELING VOLGENS DIE VERSKILLENDE INLIGTINGSBRONNE	61
BYLAE C: VOORKOMS VAN GESTREMDHEID VOLGENS DIE 1980-BEVOLKING- SENSUS	62
BYLAE D: UITBETALING VAN ONGESKIKTHEIDS- EN BLINDE PENSIOENE	63
BYLAE E: MEMORANDUM ON THE GAINFUL EMPLOYMENT OF THE PEOPLE WHO ARE DISABLED	64
BYLAE F: PROSEDURES WAT DIE SENTRALE STATISTIEKDIENS VOLG VOORDAT DAAR TOT 'N BESLISSING GEKOM WORD OOR DIE VRAE WAT BY DIE VOLGENDE SENSUSOPNAME INGESLUIT WORD	77
BRONNELYS	80

TABELLE

BLADSY

2.1	GERAAMDE GETAL GESTREMDE PERSONE IN DIE RSA, 1985	8
2.2	GERAAMDE GETAL GESTREMDE PERSONE TUSSEN 15 EN 64 JAAR IN DIE RSA, 1985	10
2.3(a)	EKONOMIESE BEDRYWIGHEID VAN GESTREMDE PERSONE TUSSEN 15 EN 64 JAAR VOLGENS BEVOLKINGSGROEP, 1985	12
2.3(b)	EKONOMIESE BEDRYWIGHEID VAN GESTREMDE PERSONE TUSSEN 15 EN 64 JAAR VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG, 1985	13
3.1	BEVOLKINGSGROEPVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 ^{JAAR,} 1985	16
3.2	GESLAGSVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 ^{JAAR,} 1985	17
3.3(a)	OUERDOMSVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR VOLGENS BEVOLKINGSGROEP, 1985	20
3.3(b)	OUERDOMSVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG, 1985	21
3.4(a)	KWALIFIKASIEVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR VOLGENS BEVOLKINGSGROEP, 1985	23
3.4(b)	KWALIFIKASIEVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG, 1985	26
3.5(a)	BEROEPSVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR VOLGENS BEVOLKINGSGROEP, 1985	29
3.5(b)	BEROEPSVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG, 1985	31
3.6	GEOGRAFIESE VERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR VOLGENS BEVOLKINGSGROEP, 1985	34

4.1	GEMIDDELDE REGISTRASIES EN PLASINGS VAN WERKLOSE GESTREMDES: DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG, 1976-1987	36
4.2	WERKLOOSHEID: GEMIDDELDE MAANDELIKSE REGISTRASIES BY DIE DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG, 1987	37
4.3	WERKLOOSHEID: GEMIDDELDE MAANDELIKSE REGISTRASIES BY DIE DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG VOLGENS KWALIFIKASIE EN OUDERDOM, 1987	38
4.4	GESTREMDE PERSONE DEUR DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG GEPLAAS VOLGENS BEROEP, 1987	39
4.5(a)	GETAL WERKLOSE GEHOORGESTREMDES, OKTOBER 1985	40
4.5(b)	GETAL WERKLOSE GEHOORGESTREMDES IN DIE PWV-GEBIED, JUNIE 1986	40
4.6	GETAL WERKLOSE GESIGGESTREMDES GEREGISTREER BY DIE NASIONALE RAAD VIR BLINDES	41
4.7	KWALIFIKASIEVERDELING VAN DIE WERKLOSE EN NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985	43
4.8	AKTIWITEITE VAN DIE WERKLOSE EN NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985	45

FIGURE

BLADSY

2.1	EKONOMIESE BEDRYWIGHEID EN BEVOLKINGSGROEP- SAMESTELLING VAN GESTREMDE PERSONE TUSSEN 15 EN 64 JAAR VOLGENS TIPE GESTREMDHEID, 1985	15
3.1	BEVOLKINGSGROEP- EN GESLAGSVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 VOLGENS TIPE GESTREMDHEID, 1985	18
3.2	KWALIFIKASIEPEILVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES, 1985	24
4.1	VERDELING VAN DIE WERKLOSE EN NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985	46
5.1	EKONOMIESE BEDRYWIGHEID VAN DIE GESTREMDE EN TOTALE BEVOLKING TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1980	48
5.2	BEVOLKINGSGROEPVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDE EN TOTALE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985	49
5.3	KWALIFIKASIEPEILVERDELING VAN DIE GESTREMDE EN TOTALE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985	51
5.4	BEROEPSVERDELING VAN DIE GESTREMDE EN TOTALE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985	52
5.5	WERKLOOSHEID: GETAL REGISTRASIES, PLASINGS EN WERKLOSES, JANUARIE 1976-FEBRUARIE 1988	53

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Agtergrond

Hierdie projek maak deel uit van 'n omvattende navorsingsprogram getitel Strategieë vir die opleiding en plasing van die gestremde persoon. Die program, waarmee beoog word om die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon omvattend te ondersoek, word gesamentlik beheer deur die Nasionale Opleidingsraad (NOR) en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (ION). Die behoefte aan so 'n program het duidelik na vore gekom toe daar tydens 1986, die *Jaar van Gestremde Persone*, met aandag na die lewensomstandighede van gestremdes gekyk is. Verskeie verslae oor die lewensomstandighede van gestremdes is ingedien deur die onderskeie komitees wat aan projekte in dié verband deelgeneem het. Uit hierdie verslae het dit duidelik geblyk dat verdere navorsing, benewens dit wat spesifiek met die oog op die *Jaar van Gestremde Persone* onderneem is, noodsaaklik was ten einde 'n duideliker beeld te verkry van die gestremde persoon se omstandighede, veral wat opleiding en werksomstandighede betref.

'n Hoofkomitee en drie projekkomitees is aangestel met die oog op die formulering van projekte, die aanstelling en advisering van navorsers, die evaluering van verslae en toesighouding oor die vordering met die onderskeie projekte in die program. Die eerste komitee was verantwoordelik vir twee projekte in verband met die opleiding van gestremde persone, naamlik opleiding binne die formele opvoedkundige opset en beroepsgerigte naskoolse opleiding, terwyl die drie projekte wat aan die tweede komitee opgedra is, betrekking gehad het op statistiese inligting rakende die ekonomiese bedrywige gestremdes, faktore wat die indiensplasing van gestremdes beïnvloed en die verskaffing van nasorgdienste aan werkende gestremdes. Die opdrag aan die derde komitee was om ondersoek in te stel na moontlike wetgewing ter bevordering van die opleiding en indiensplasing van gestremde persone.

Hierdie ondersoek is die eerste projek van die tweede komitee met die opdrag om die samestelling van die werkende en werklose gestremde bevolking te ontleed.

Opdrag

(i) Formulering van opdrag soos deur RGN bewoord

Die navorsing moet die getal werkende en werklose gestremdes insluit en die populasie moet soos volg verdeel word:

bevolkingsgroep
geslag
geografiese verdeling
kwalifikasie
tipe gestremdheid

(ii) Interpretasie van opdrag deur navorsingspan

Die samestelling van die werkende en werklose gestremde bevolking moet uit beskikbare databronne vir elk van die verskillende gestremdeheidskategorieë bepaal word volgens

bevolkingsgroep,
geslag,
geografiese verdeling,
kwalifikasie,
ouderdom, en
beroep.

1.2 Probleemstelling

Ten einde enige sinvolle mannekragbeplanning vir 'n suksesvolle opleidings- en indiensplasingsprogram te doen, is dit noodsaaklik om eers 'n geheelbeeld van die huidige situasie te verkry. Die beroepsmonterlikhede van die gestremde persoon kan eers bepaal word wan-

neer sy huidige posisie in die arbeidsituasie nie alleen bekend is nie, maar ook verstaan word.

1.3 Doel met die ondersoek

Die primêre doel met die ondersoek was om beskikbare inligting in te win en aan die hand daarvan die samestelling van die werkende en werklose gestremde bevolking in die RSA volgens tipe gestremdheid, bevolkingsgroep, geslag, ouderdom, kwalifikasie, beroep en geografiese gebied statisties te ontleed. Die potensiaal van die nie-ekonomies bedrywige gestremdes word ook kortliks onder oë geneem.

1.4 Metodologie

1.4.1 Ondersoekgroep

Die werkende gestremde bevolking in die ouderdomsgroep 15 tot 64 jaar en die werklose gestremdes in die RSA is in die studie ingesluit. Die onafhanklike state naamlik Transkei, Bophuthatswana, Venda en die Ciskei is uitgesluit. Die volgende gestremdheidskategorieë is ingesluit:

Gesiggestremd - blind en swaksiende
Gehoorgestremd - doof en betekenisvol gehoorgestremd
Fisiekgestremd
Epilepties
Serebraalgestremd
Verstandelikgestremd - matig, ernstig en sorgafhanklik
Geestelikgestremd
Ander gestremdhede: permanent siek, spraakgebreke,
genetiese afwykings en outisme.

Slegs bestaande statistiek is in die ontledings gebruik. Die ver-
naamste bronne was die bevolkingsensusse van 1980 en 1985 van die

Sentrale Statistiekdiens, werkloosheidstatistiek van die Departement van Mannekrag, die Nasionale Gestremdesorgliggame en verslae uit die *Jaar van Gestremde Persone 1986*.

1.4.2 Beskikbaarheid van statistiek

'n Belangrike probleem wat met die statistiek van die verskillende instansies ondervind is, is die onversoenbaarheid van die data, aangesien eenvormige definisies nie gebruik word nie. Daar bestaan nie 'n eenvormige klassifikasie van gestremdhede wat deur die instansies wat data oor gestremdes insamel, gebruik kan word nie. Daar word selde 'n aanduiding gegee van die graad van gestremdheid van die persone wat by die opnames ingesluit is. Meervoudige gestremdheid word ook nie eenvormig hanteer nie; soms word persone by die primêre gestremdheid ingedeel en andersins kan die gestremdhede nie geïdentifiseer word nie. Bylae B toon die gestremdheidskategorieë wat deur die verskillende instansies gebruik word, hoe dit vir die doel van hierdie ondersoek volgens die aanbevole klassifikasie van die werkkomitee ingedeel is en 'n voorgestelde raamwerk vir 'n standaardgestremdheidsklassifikasie.

Die beskikbare inligtingsbronne verskaf nie 'n volledige of betroubare beeld van die gestremde bevolking nie. Volgens die bevolkingsensus van 1980 was daar byvoorbeeld 339 400 gestremdes in die RSA. Dit beteken dat 1,36% van die bevolking gestremd was. Vergelyk 'n mens dit met die 12,7% wat in die hoofverslag van die *Jaar van Gestremde Persone* beraam is, is dit duidelik dat daar 'n sterk mate van ondertelling teenwoordig was. Bylae C toon die voorkoms van gestremdheid soos in die 1980-bevolkingsensus weergegee volgens bevolkingsgroep en geslag. Hieruit is dit duidelik dat die grootste ondertelling by die swart bevolkingsgroep voorkom.

Die graad van gestremdheid kon nie uit die beskikbare statistiek afgelei word nie. Net so was dit ook nie moontlik om die oorsaak van die gestremdheid vas te stel nie. Daar kon dus nie tussen aangebore en verworwe gestremdhede onderskei word nie. Volume 7 van die *Jaar van Ge-*

stremde Persone - Erflikheids- en aangebore gebreke , gee die volgende oorsake van sekere gestremdhede:

Gestremdheid	Oorsaak		
	Geneties	Verworwe	Onbekend
Blind	45%	30%	20%
Doof	40%	30%	30%
Verstandelik	46%	17%	37%

Geen inligting oor gestremde persone is in die 1985-bevolkingsensus opgeneem nie. Ander statistiek wat normaalweg beskikbaar is vir die ontleding van die arbeidsmag, soos die mannekrageopnames en die lopende bevolkingsopnames wat die Sentrale Statistiekdiens gereeld onderneem, bevat geen inligting oor gestremdheid nie. Weinig inligting kon van die Nasionale Gestremdesorgliggame of die verslae uit die *Jaar van Gestremde Persone* oor werkende en werklose gestremdes verkry word.

Die enigste bron wat 'n aanduiding van die ekonomiese aktiwiteite van die gestremde bevolking gee, is die 1980-bevolkingsensus. Nieteenstaande die ondertelling wat daar voorgekom het, was dit die beste beskikbare statistiek wat gebruik kon word om die struktuur van die werkende gestremde bevolking te bereken.

Betroubare statistiek oor die werklose gestremde bevolking was eweneens moeilik bekombaar. Die enigste bronne waar statistiek bekom kon word, was by die Departement van Mannekrag en die Nasionale Gestremdesorgliggame. Geen statistiek is beskikbaar rakende persone wat nie aktief werk soek nie.

1.4.3 Statistiese tegnieke by die ontleding van die data

Die leemtes met betrekking tot die beskikbaarheid en resenteheid van betroubare statistiek rakende die werkende gestremde bevolking het die keuse van die navorsingstrategie beïnvloed en 'n metode is ontwikkel om die bestaande inligtingsbronne optimaal te benut. Sodoende kon 'n

oorsigtelike beeld van die gestremde bevolking verkry word. Hoewel die metode nie volkome betroubare syfers lewer nie, kan die resultate nogtans as 'n redelike weergawe van die toedrag van sake aanvaar word.

Die metode wat gebruik is om die samestelling van die werkende gestremdes te bereken, kan kortliks soos volg beskryf word:

'n Raming is eers van die totale gestremde bevolking tussen 15 en 64 jaar vir 1985 volgens bevolkingsgroep en geslag gemaak. Die persentasie werkende, werklose en nie-ekonomies bedrywige gestremdes is vervolgens uit die 1980-bevolkingsensus bereken en toegepas op die geraamde totale gestremde bevolking. Dit lewer onder andere die getal werkende gestremdes in 1985. Die ouderdom-, kwalifikasie-, beroep- en geografiese samestelling van die werkende gestremdes is daarna bereken deur die persentasieverdeling uit die 1980-bevolkingsensus toe te pas op die geraamde werkende getal gestremdes in 1985. Die metode word meer breedvoerig in hoofstukke 2 en 3 bespreek waar die samestelling van die gestremde bevolking ontleed word.

Die ekonomiese klimaat, wat 'n groot invloed op werkloosheid uitoefen, het sedert 1980 aansienlik verander en gevolglik kon die 1980-sensus nie as 'n basis vir die ontleding van die werklose gestremdes gebruik word nie. Statistiek wat van die Departement van Mannekrag en die Nasionale Rade verkry is, is hoofsaaklik vir dié doel gebruik en word in hoofstuk 4 bespreek.

HOOFSTUK 2

DIE VOORKOMS EN VERSPREIDING VAN GESTREMDHEID

2.1 Voorkoms van gestremdheid

Ten einde die getal werkende gestremdes te bereken, was dit nodig om eers 'n beraming van die totale gestremde bevolking te maak. Vir hierdie doel is gebruik gemaak van opgedateerde prevalensiesyfers - dit is syfers wat die getal gestremdes per duisend van die bevolking vir elke gestremdheidskategorie aandui. Die nasionale prevalensiesyfers wat in die Hoofverslag van die *Jaar van Gestremde Persone* gepubliseer is, is as uitgangspunt gebruik (kyk volume 1: 15-19). Geringe aanpassings is aan die prevalensiesyfers gemaak met die goedkeuring van die Nasionale Gestremdesorgliggame. Epilepsie, gesig, gehoor en verstandelike gestremdhede is hierdeur geraak.

Prevalensiesyfers word baie sterk deur ouderdom beïnvloed. Opnames in die VSA het byvoorbeeld getoon dat die prevalensiesyfer vir blinde blanke persone kan varieer vanaf 0,7 vir persone in die ouderdomsgroep 20-44 jaar tot 10,2 vir persone ouer as 74 jaar (Van der Walt *et al.*, 1987 : 12). 'n Opname in 1984 onder liggaamlik gestremdes in Wes-Kaapland het prevalensiesyfers getoon van 4,1 vir persone onder 15 jaar, 10,4 vir persone tussen 16 en 59 jaar en 62,6 vir ouer persone (kyk *Jaar van Gestremde Persone*, Volume 11: 4).

Dieselfde opname het getoon dat die verskillende bevolkingsgroepe se prevalensiesyfers aansienlik van mekaar kan verskil. In hierdie geval was die prevalensiesyfer vir blankes byvoorbeeld 13, vir kleurlinge 11,2 en vir swartes 18,3.

Geen amptelike prevalensiesyfers kon volgens ouderdom bekom word nie. Slegs die Nasionale Raad vir Blindes kon syfers volgens bevolkingsgroep vir die gesiggestremdes voorsien (Van der Walt *et al.*, 1987 : 12).

Die prevalensiesyfers verskyn in tabel 2.1 waar dit toegepas is op 'n raming van die totale bevolking in die RSA soos op 5 Maart 1985 (Sentrale Statistiekdiens 1986 : ix). Dit lewer 'n beraming van die totale getal gestremdes volgens tipe gestremdheid en bevolkingsgroep in 1985. Dié raming van die totale bevolking in die RSA is deur ISODEM van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing onderneem ten einde die ondertelling wat by die 1985-bevolkingsensus teenwoordig was, uit te skakel.

TABEL 2.1
GERAAMDE GETAL GESTREMDE PERSONE IN DIE RSA, 1985

Tipe gestremdheid		Blank		Kleurling		Asiër		Swart		Totaal	
		Getal	Per 1000	Getal	Per 1000	Getal	Per 1000	Getal	Per 1000	Getal	Per 1000
Gesig	Blind	9894	2,0	7872	2,754	1811	2,102	46257	2,428	65835	2,375
	Swaksiende	4947	1,0	3936	1,377	905	1,051	23129	1,214	32917	1,188
	Sub-totaal	14842	3,0	11808	4,131	2716	3,153	69386	3,642	98752	3,563
Gehoor	Doof	49472	10,0	28584	10,0	8615	10,0	190516	10,0	277187	10,0
	Hardhorend	148416	30,0	85752	30,0	25845	30,0	571548	30,0	831561	30,0
	Sub-totaal	197888	40,0	114336	40,0	34460	40,0	762064	40,0	1108748	40,0
Fisiek		80639	16,3	46592	16,3	14042	16,3	310541	16,3	451815	16,3
Neurologies	Epilepties	44525	9,0	25726	9,0	7753	9,0	171464	9,0	249468	9,0
	Serebraal	12368	2,5	7146	2,5	2154	2,5	47629	2,5	69297	2,5
	Verstandelik										
	Matig	128627	26,0	74318	26,0	22399	26,0	495342	26,0	720686	26,0
	Ernstig	19294	3,9	11148	3,9	3360	3,9	74301	3,9	108103	3,9
Sorgsafhanklik	495	0,1	286	0,1	86	0,1	1905	0,10	2772	0,1	
Sub-totaal		205309	41,5	118624	41,5	35752	41,5	790641	41,5	1150326	41,5
Geestelik		12368	2,5	7146	2,5	2154	2,5	47629	2,5	69297	2,5
Ander	Spraak	123680	25,0	71460	25,0	21537	25,0	476290	25,0	692967	25,0
	Permanent siek	24736	5,0	14292	5,0	4307	5,0	95258	5,0	138593	5,0
	Genetiese afwykings - n.a.g.	24736	5,0	14292	5,0	4307	5,0	95258	5,0	138593	5,0
	Outisties	989	0,2	572	0,2	172	0,2	3810	0,2	5544	0,2
Sub-totaal		174141	35,2	100616	35,2	30325	35,2	670616	35,2	975698	35,2
TOTAAL		685187	138,5	399121	139,6	119450	138,7	2650878	139,1	3854636	139,1
TOTALE BEVOLKING (x10)		494720		285840		86150		1905160		2771370	

Die rede waarom die totale prevalensiesyfer (139,1) verskil van die 127,1 wat in die Hoofverslag van die *Jaar van Gestremde Persone* gepubliseer is, is grootliks toe te skryf aan die hoër prevalensiesyfers wat by epileptici (9 i.p.v. 2) en gehoorgestremdes

(40 i.p.v 35) gebruik is. Die tabel toon dat meer as 3,85 miljoen persone in die RSA gestremd was. 'n Geringe mate van oorvleueling en gevolglike dubbeltellings kan egter nog voorkom.

Vir die doel van hierdie verslag word spraakgestremdheid nie afsonderlik onderskei nie maar by die kategorie 'ander' ingedeel, aangesien dit so in die 1980-bevolkingsensus weergegee is. Meervoudige gestremdheid kon ook nie in hierdie studie statisties ontleed word nie aangesien betroubare prevalensiesyfers nie beskikbaar was nie. Gewoonlik is persone met meervoudige gestremdhede by die primêre gestremdheid ingedeel. Persone wat doofstom is, is byvoorbeeld by dowes ingedeel. By verskeie ander primêre gestremdhede soos outisme, serebrale en verstandelike gestremdheid kom gepaardgaande kommunikasiegebreke in 'n groot mate voor. Meervoudige gestremdheid kom ook dikwels by persone met epilepsie, verstandelike en geestelike gestremdhede voor.

Die kategorie 'hardhorend' sluit slegs betekenisvol gehoorgestremdes in en nie meetbaar gehoorgestremdes nie (Kyk *Jaar van Gestremde Persone*, Volume 8: 4-14).

Baie min gegewens is beskikbaar oor die voorkoms van gestremdheid onder mans en vroue afsonderlik. Volgens die 1980-bevolkingsensus wil dit voorkom of sekere gestremdhede heelwat meer by mans as vroue voorgekom het (Kyk bylae C). Dit is veral by die swart bevolking waar die verskil die opmerklikste was. Daar is egter verskeie faktore wat moontlik hierdie toedrag van sake kan verklaar. By gebrek aan betroubare inligting is die prevalensiesyfers van tabel 2.1 vir beide mans en vroue in hierdie ondersoek gebruik. Tabel 2.2 toon die voorkomssyfers vir gestremdes tussen 15 en 64 jaar vir die verskillende kategorieë volgens bevolkingsgroep en geslag.

TABEL 2.2
GERAAMDE GETAL GESTREMDE PERSONE TUSSEN 15 EN 64 JAAR IN DIE RSA, 1985

Tipe gestremdheid		Blank		Kleurling		Asiër		Swart		Totaal	
		Mans	Vroue	Mans	Vroue	Mans	Vroue	Mans	Vroue	Mans	Vroue
Gesig	Blind	3243	3188	2337	2468	581	595	14052	12125	20213	18375
	Swaksiende	1621	1594	1169	1234	290	297	7026	6063	10107	9188
	Sub-totaal	4864	4782	3506	3701	871	892	21078	18188	30320	27563
Gehoor	Doof	16215	15939	8487	8960	2762	2829	57876	49939	85340	77667
	Hardhorend	48645	47817	25461	26880	8286	8487	173628	149817	256020	233001
	Sub-totaal	64860	63756	33948	35840	11048	11316	231504	199756	341360	310668
Fisiek		26430	25981	13834	14605	4502	4611	94338	81401	139104	126597
Neurologies	Epilepties	14593	14345	7638	8064	2486	2546	52088	44945	76806	69900
	Serebraal	4054	3985	2122	2240	690	707	14469	12485	21335	19417
	Verstandelik										
	matig ernstig	42159	41441	22066	23296	7181	7355	150478	129841	221884	201934
	sorgaafhanklik	6324	6216	3310	3494	1077	1103	22572	19476	33283	30290
Sub-totaal	162	159	85	90	28	28	579	499	853	777	
Sub-totaal		67292	66147	35221	37184	11462	11740	240185	207247	354161	322318
Geestelik		4054	3985	2122	2240	690	707	14469	12485	21335	19417
Ander	Spraak	40537	39847	21217	22400	6905	7072	144690	124847	213350	194167
	Permanent siek	8107	7969	4243	4480	1381	1414	28938	24969	42670	38833
	Genetiese										
	afwykings-n.e.g.	8107	7969	4243	4480	1381	1414	28938	24969	42670	38833
	Outisties	324	319	170	179	55	57	1158	999	1707	1553
Sub-totaal		57077	56105	29874	31539	9722	9958	203724	175785	300397	273388
TOTAAL		224577	220756	118505	125109	38295	39224	805298	694862	1186677	1079951
TOTALE BEVOLKING		1621500	1593900	848700	896000	276200	282900	5787600	4993900	8534000	7766700

2.2 Ekonomiese bedrywigheid van die gestremde persoon

Die persentasie werkende, werklose en nie-ekonomies bedrywige in elke gestremde kategorie is uit die 1980-bevolkingsensus bereken en toegepas op die geraamde getal gestremdes in 1985 volgens bevolkingsgroep en geslag. Vir hierdie doel is slegs persone tussen die ouderdom 15 en 64 jaar in berekening gebring. Daar bestaan geen aanduiding van die verandering in die ekonomiese aktiwiteit van die gestremde bevolking oor tyd nie en die 1980-persentasies word dus onveranderd vir 1985 aanvaar. Die resultaat van hierdie berekenings verskyn in tabel 2.3(a) volgens tipe gestremdheid en bevolkingsgroep terwyl tabel 2.3(b) die verdeling ook volgens geslag toon. Vir vergelykingsdoeleindes word die ekonomiese bedrywigheid van die totale bevolking tussen 15 en 64 jaar in dieselfde tabel aangedui.

Hiervolgens was 72,6% van die gestremde bevolking in 1985 nie-ekonomies bedrywig teenoor die 38,8% van die totale bevolking in hierdie ouderdomsgroep.

Dit val ook op dat proporsioneel meer blanke gestremdes gewerk het (30%) as enige van die ander bevolkingsgroepe (17% en minder). 'n Buitengewoon groot proporsie Asiërgestremdes blyk ekonomies onaktief te wees. Hoewel Asiërvroue tradisioneel nie in groot getalle die arbeidsmark betree nie, en byna 93% van die gestremde Asiërvroue nie-ekonomies bedrywig was, is dit opvallend dat 81,6% van die gestremde Asiërmans nie-ekonomies bedrywig was in vergelyking met die 18,3% van die totale manlike Asiërbevolking.

'n Relatief groot persentasie blanke manlike gestremdes het gewerk (40%). Die dowe mans toon die hoogste persentasie (69%). By die blindes, fisiekgestremdes en epileptici het meer as 40% blanke mans en relatief min mans van die ander bevolkingsgroepe gewerk. By die vroue kom die grootste persentasie werkende gestremdes voor by die blinde blanke vroue (34,6%). In vergelyking hiermee is die persentasie werkende blinde vroue by die ander bevolkingsgroepe besonder klein.

TABEL 2.3(a)
 EKONOMIESE BEDRYGWIGHEID VAN GESTREMDE PERSONE TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985

Tipe gestremdheid	Ekonomiese bedrywigheid	Blank		Kleurling		Asiër		Swart		Totaal	
		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Blind	Werkend	2917	45,4	733	15,3	161	13,7	3423	13,1	7234	18,7
	Werkloos	33	0,5	144	3,0	6	0,5	1941	7,4	2124	5,5
	N.E.B.	3481	54,1	3928	81,7	1009	85,8	20812	79,5	29230	75,7
	Sub-totaal	6431	100	4805	100	1176	100	26176	100	38588	100
Doof	Werkend	15431	48,0	5816	33,3	1252	22,4	30984	28,7	53483	32,8
	Werkloos	245	0,8	1106	6,3	41	0,7	10066	9,3	11458	7,0
	N.E.B.	16478	51,2	10527	60,3	4298	76,9	66759	61,9	98062	60,2
	Sub-totaal	32154	100	17449	100	5591	100	107809	100	163003	100
Fisiek	Werkend	19608	37,4	4283	15,1	803	8,8	29284	16,7	53978	20,3
	Werkloos	341	0,7	1789	6,3	99	1,1	17816	10,1	20045	7,5
	N.E.B.	32464	61,9	22366	78,6	8211	90,1	128639	73,2	191680	72,1
	Sub-totaal	52413	100	28438	100	9113	100	175739	100	265703	100
Epilepties	Werkend	9189	31,8	1732	11,0	421	8,4	10608	10,9	21950	15,0
	Werkloos	362	1,3	1626	10,4	122	2,4	12665	13,1	14775	10,1
	N.E.B.	19389	67,0	12344	78,6	4490	89,2	73760	76,0	109983	75,0
	Sub-totaal	28940	100	15702	100	5033	100	97033	100	146708	100
Serebraal	Werkend	1899	23,6	593	13,6	105	7,5	4492	16,7	7089	17,4
	Werkloos	58	0,7	298	6,8	7	0,5	2602	9,7	2965	7,3
	N.E.B.	6082	75,7	3471	79,6	1285	92,0	19860	73,7	30698	75,3
	Sub-totaal	8039	100	4362	100	1397	100	26954	100	40752	100
Verstandelik	Werkend	8687	9,0	3427	6,5	734	4,4	21257	6,6	34105	7,0
	Werkloos	198	0,2	5256	10,0	140	0,8	46585	14,4	52179	10,7
	N.E.B.	87577	90,8	43652	83,4	15900	94,8	255621	79,0	402750	82,4
	Sub-totaal	96462	100	52335	100	16774	100	323463	100	489034	100
Geestelik	Werkend	1118	13,9	313	7,2	52	3,7	1289	4,8	2772	6,8
	Werkloos	98	1,2	261	6,0	12	0,9	1466	5,4	1837	4,5
	N.E.B.	6822	84,9	3787	86,8	1333	95,4	24200	89,8	36142	88,7
	Sub-totaal	8038	100	4361	100	1397	100	26955	100	40751	100
Ander	Werkend	44083	38,9	13545	22,1	3586	18,2	101706	26,8	162920	28,4
	Werkloos	625	0,6	3452	5,6	154	0,8	29353	7,7	33584	5,9
	N.E.B.	68480	60,5	44416	72,3	15940	81,0	248471	65,5	377307	65,8
	Sub-totaal	113188	100	61413	100	19680	100	379530	100	573811	100
TOTAAL	Werkend	102932	29,8	30442	16,1	7114	11,8	203043	17,4	343531	19,5
	Werkloos	1960	0,6	13932	7,4	581	1,0	122494	10,5	138967	7,9
	N.E.B.	240773	69,7	144491	76,5	52466	87,2	838122	72,0	1275852	72,6
	TOTAAL	345665	100	188865	100	60161	100	1163659	100	1758350	100
Totale bevolking (x10)											
Ekonomies bedrywig		209961	65,3	112973	64,8	31444	56,2	643051	59,6	997429	61,2
Nie-ekonomies bedrywig		111579	34,7	61498	35,2	24466	43,8	435101	40,4	632644	38,8
TOTAAL		321540	100	174471	100	55910	100	1078152	100	1630073	100

TABEL 2.3(b)
EKONOMIESE BEDRYGWIGHEID VAN GESTREMDE PERSONE TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985

Tipe gestremdeheid	Ekonomiese bedrywigheid	Blank				Kleurling				Asiër				Swart			
		Mans		Vroue		Mans		Vroue		Mans		Vroue		Mans		Vroue	
		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Blind	Werkend	1813	55,9	1104	34,6	488	20,9	245	9,9	122	21,0	39	6,6	2504	17,8	919	7,6
	Werkloos	33	1,0	.	.	81	3,5	63	2,6	2	0,3	4	0,7	1329	9,5	612	5,0
	N.E.B.	1397	43,1	2084	65,4	1769	75,7	2159	87,5	457	78,7	552	92,8	10219	72,7	10593	87,4
	Totaal	3243	100	3188	100	2338	100	2467	100	581	100	595	100	14052	100	12124	100
Doof	Werkend	11180	68,9	4251	26,7	3935	46,4	1881	21,0	1020	36,9	232	8,2	23174	40,0	7810	15,6
	Werkloos	156	1,0	89	0,6	412	4,9	694	7,7	41	1,5	.	.	5487	9,5	4579	9,2
	N.E.B.	4879	30,1	11599	72,8	4141	48,8	6386	71,3	1701	61,6	2597	91,8	29210	50,5	37549	75,2
	Totaal	16215	100	15939	100	8488	100	8961	100	2762	100	2829	100	57871	100	49938	100
Fisiek	Werkend	14238	53,9	5370	20,7	2825	20,4	1458	10,0	575	12,8	228	4,9	21396	22,7	7888	9,7
	Werkloos	227	0,9	114	0,4	771	5,6	1018	7,0	62	1,4	37	0,8	10726	11,4	7090	8,7
	N.E.B.	11968	45,3	20496	78,9	10238	74,0	12128	83,0	3865	85,9	4346	94,3	62216	66,0	66423	81,6
	Totaal	26433	100	25980	100	13834	100	14604	100	4502	100	4611	100	94338	100	81401	100
Epilepties	Werkend	6281	43,0	2908	20,3	1088	14,2	644	8,0	367	14,8	54	2,1	7318	14,0	3290	7,3
	Werkloos	247	1,7	115	0,8	557	7,3	1069	13,3	81	3,3	41	1,6	6548	12,6	6117	13,6
	N.E.B.	8066	55,3	11323	78,9	5993	78,5	6351	78,8	2039	82,0	2451	96,3	38222	73,4	35538	79,1
	Totaal	14594	100	14346	100	7638	100	8064	100	2487	100	2546	100	52088	100	44945	100
Serebraal	Werkend	1408	34,7	491	12,3	377	17,8	216	9,6	67	9,7	38	5,4	3305	22,8	1187	9,5
	Werkloos	32	0,8	26	0,7	102	4,8	196	8,7	7	1,0	.	.	1483	10,3	1119	9,0
	N.E.B.	2614	64,5	3468	87,0	1643	77,4	1828	81,6	616	89,3	669	94,6	9680	66,9	10180	81,5
	Totaal	4054	100	3985	100	2122	100	2240	100	690	100	707	100	14468	100	12486	100
Verstandelik	Werkend	5789	11,9	2898	6,1	2258	8,9	1169	4,3	458	5,5	276	3,3	13856	8,0	7401	4,9
	Werkloos	136	0,3	62	0,1	1971	7,7	3285	12,2	97	1,2	43	0,5	24412	14,1	22173	14,8
	N.E.B.	42720	87,8	44857	93,8	21229	83,4	22423	83,4	7731	93,3	8169	96,2	135378	78,0	120243	80,3
	Totaal	48645	100	47817	100	25458	100	26877	100	8286	100	8488	100	173646	100	149817	100
Geestelik	Werkend	712	17,6	406	10,2	195	9,2	118	5,3	39	5,7	13	1,8	767	5,3	522	4,2
	Werkloos	64	1,6	34	0,9	112	5,3	149	6,7	8	1,2	4	0,6	877	6,1	589	4,7
	N.E.B.	3277	80,9	3545	89,0	1814	85,5	1973	88,1	643	93,2	690	97,6	12825	88,6	11375	91,1
	Totaal	4053	100	3985	100	2121	100	2240	100	690	100	707	100	14469	100	12486	100
Ander	Werkend	29041	50,9	15042	26,8	7666	25,7	5879	18,6	2410	24,8	1176	11,8	69572	34,1	32134	18,3
	Werkloos	451	0,8	174	0,3	1604	5,4	1848	5,9	116	1,2	38	0,4	17663	8,7	11690	6,7
	N.E.B.	27585	48,3	40895	72,9	20604	69,0	23812	75,5	7196	74,0	8744	87,8	116509	57,2	131962	75,1
	Totaal	57077	100	56111	100	29874	100	31539	100	9722	100	9958	100	203744	100	175786	100
TOTAAL	Werkend	70462	40,4	32470	18,9	18832	20,5	11610	12,0	5058	17,0	2056	6,8	141892	22,7	61151	11,3
	Werkloos	1346	0,8	614	0,4	5610	6,1	8322	8,6	414	1,4	167	0,5	68525	11,0	53969	10,0
	N.E.B.	102506	58,8	138267	80,7	67431	73,4	77060	79,4	24248	81,6	28218	92,7	414259	66,3	423863	78,6
	TOTAAL	174314	100	171351	100	91873	100	96992	100	29720	100	30441	100	624676	100	538983	100
Totale bevolking (x10)																	
Ekonomies bedrywig		134836	83,2	75125	47,1	66990	78,9	45983	51,3	22561	81,7	8883	31,4	432256	74,7	210795	42,2
Nie-ekonomies bedrywig		27314	16,8	84265	52,9	17881	21,1	43617	48,7	5059	18,3	19407	68,6	146505	25,3	288596	57,8
TOTAAL		162150	100	159390	100	84871	100	89600	100	27620	100	28290	100	578761	100	499391	100


Meer as 10% van epileptici en verstandelik gestremdes het aangetoon dat hulle werkloos was. Dit is opvallend dat slegs 0,6% blankes en 1% Asiërs aangetoon het dat hulle in 1980 werkloos was teenoor die 10,5% swartes en 7,4% kleurlinge. In totaal het 10% swart gestremde vroue aangetoon dat hulle werkloos is terwyl slegs 11% gewerk het. Gevalle kom voor waar 'n groter persentasie persone aangedui het dat hulle werkloos was as die persentasie wat gewerk het (byvoorbeeld kleurling- en swart vroue met epilepsie en verstandelike gestremdheid asook swart mans met verstandelike gestremdheid). Dit toon hoe groot die tekort aan werkgeleenthede vir kleurling en swart gestremdes in werklikheid is.

Die verspreiding van die gestremde bevolking tussen 15 en 64 jaar volgens tipe gestremdheid, ekonomiese bedrywigheid en bevolkingsgroep word grafies in figuur 2.1 voorgestel.

Volgens inligting bekom van die Sentrale Statistiekdiens was slegs 'n klein persentasie swaksiendes en hardhorendes in die bevolkingsensus by blindes en dowes ingesluit. Gevolglik is die swaksiendes en hardhorendes uit die ontledings weggelaat aangesien nie sonder meer aanvaar kan word dat die verdeling van hierdie kategorieë dieselfde is as vir die blindes en dowes respektiewelik nie. Sekere ontledings in hierdie verslag dui egter daarop dat 'n redelike persentasie van hierdie persone moontlik by bogenoemde kategorieë ingesluit kon wees. Indien dit die geval is, en aanvaar kan word dat die sensusverdeling ook vir die swaksiendes en hardhorendes geld, kan die getalle van die swaksiendes maklik vir enige tabel bereken word deur die blindes se getalle deur 2 te deel terwyl die getalle van die hardhorendes bereken kan word deur dowes se getalle met 3 te vermenigvuldig.

FIGUUR 2.1

EKONOMIESE BEDRYGWIGHEID EN BEVOLKINGSGROEPSAMESTELLING VAN
GESTREMDE PERSONE TUSSEN 15 EN 64 JAAR VOLGENS TIPE GESTREMDHEID, 1985



HOOFSTUK 3

SAMESTELLING VAN DIE WERKENDE GESTREMDE BEVOLKING

3.1 Bevolkingsgroep- en geslagsamestelling

Die werkende gestremdes word volgens tipe gestremdheid en bevolkingsgroep in tabel 3.1 getoon. Hiervolgens is byna die helfte van die werkende gestremdes in die kategorie 'ander' (waarvan 'n groot persentasie spraakgestremdes is) ingedeel. Die bevolkingsgroepsamestelling van die blindes, epileptici en geestelik gestremdes verskil die meeste van dié van die totale bevolking. In dié kategorieë is meer as 40% blank en minder as 50% swart teenoor die 21% blankes en 65% swartes van die totale ekonomies bedrywige bevolking tussen 15 en 64 jaar.

TABEL 3.1
BEVOLKINGSGROEPVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985


Tipe gestremdheid		Blank	Kleurling	Asiër	Swart	Totaal
Blind	N	2917	733	161	3423	7234
	%	40,3	10,1	2,2	47,3	100,0
Doof	N	15431	5816	1252	30984	53483
	%	28,9	10,9	2,3	57,9	100,0
Fisiek	N	19608	4283	803	29284	53978
	%	36,3	7,9	1,5	54,3	100,0
Epilepties	N	9189	1732	421	10608	21950
	%	41,9	7,9	1,9	48,3	100,0
Serebraal	N	1899	593	105	4492	7089
	%	26,8	8,4	1,5	63,4	100,0
Verstandelik	N	8687	3427	734	21257	34105
	%	25,5	10,0	2,2	62,3	100,0
Geestelik	N	1118	313	52	1289	2772
	%	40,3	11,3	1,9	46,5	100,0
Ander	N	44083	13545	3586	101706	162920
	%	27,1	8,3	2,2	62,4	100,0
TOTAAL	N	102932	30442	7114	203043	343531
	%	30,0	8,9	2,1	59,1	100,0
Totale ekonomies bedrywige bevolking (x10)	N	209961	112973	31444	643051	997429
	%	21,1	11,3	3,2	64,5	100,0

Tabel 3.2 toon geen noemenswaardige verskille tussen die werkende gestremdes en totale ekonomies bedrywige bevolking volgens geslag nie. Die bevolkingsgroep- en geslagsverdeling van die werkende gestremdes word in figuur 3.1 volgens tipe gestremdheid grafies voorgestel.

TABEL 3.2
GESLAGSVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985

Tipe gestremdheid	Geslag	Blank		Kleurling		Asiër		Swart		Totaal	
		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Blind	Mans	1813	62,2	488	66,6	122	75,8	2504	73,2	4927	68,1
	Vroue	1104	37,8	245	33,4	39	24,2	919	26,8	2307	31,9
	Sub-totaal	2917	100	733	100	161	100	3423	100	7234	100
Doof	Mans	11180	72,5	3935	67,7	1020	81,5	23174	74,8	39309	73,5
	Vroue	4251	27,5	1881	32,3	232	18,5	7810	25,2	14174	26,5
	Sub-totaal	15431	100	5816	100	1252	100	30984	100	53483	100
Fisiek	Mans	14238	72,6	2825	66,0	575	71,6	21396	73,1	39034	72,3
	Vroue	5370	27,4	1458	34,0	228	28,4	7888	26,9	14944	27,7
	Sub-totaal	19608	100	4283	100	803	100	29284	100	53978	100
Epilepties	Mans	6281	68,4	1088	62,8	367	87,2	7318	69,0	15054	68,6
	Vroue	2908	31,6	644	37,2	54	12,8	3290	31,0	6896	31,4
	Sub-totaal	9189	100	1732	100	421	100	10608	100	21950	100
Serebraal	Mans	1408	74,1	377	63,6	67	63,8	3305	73,6	5157	72,7
	Vroue	491	25,9	216	36,4	38	36,2	1187	26,4	1932	27,3
	Sub-totaal	1899	100	593	100	105	100	4492	100	7089	100
Verstandelik	Mans	5789	66,6	2258	65,9	458	62,4	13856	65,2	22361	65,6
	Vroue	2898	33,4	1169	34,1	276	37,6	7401	34,8	11744	34,4
	Sub-totaal	8687	100	3427	100	734	100	21257	100	34105	100
Geestelik	Mans	712	63,7	195	62,3	39	75,0	767	59,5	1713	61,8
	Vroue	406	36,3	118	37,7	13	25,0	522	40,5	1059	38,2
	Sub-totaal	1118	100	313	100	52	100	1289	100	2772	100
Ander	Mans	29041	65,9	7666	56,6	2410	67,2	69572	68,4	103689	66,7
	Vroue	15042	34,1	5879	43,4	1176	32,8	32134	31,6	54231	33,3
	Sub-totaal	44083	100	13545	100	3586	100	101706	100	162920	100
TOTAAL	Mans	70462	68,5	18832	61,9	5058	71,1	141892	69,9	236244	68,8
	Vroue	32470	31,5	11610	38,1	2056	28,9	61151	30,1	107287	31,2
	TOTAAL	102932	100	30442	100	7114	100	203043	100	343531	100
Totale ekonomies bedrywige bevolking (x10)	Mans	134836	64,2	66990	59,3	22561	71,7	432256	67,2	656643	65,8
	Vroue	75125	35,8	45983	40,7	8883	28,3	210795	32,8	340786	34,2
	TOTAAL	209961	100	112973	100	31444	100	643051	100	997429	100

FIGUUR 3.1
 BEVOLKINGSGROEP EN GESLAGSVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDES
 TUSSEN 15 EN 64 JAAR VOLGENS TIPE GESTREMDHEID, 1985



3.2 Ouderdomsverdeling

Die ouderdomsverdeling volgens bevolkingsgroep in tabel 3.3(a) en volgens bevolkingsgroep en geslag in tabel 3.3(b) is bepaal deur die ouderdomstruktuur, bereken uit die 1980-bevolkingsensus, toe te pas op die beraamde 1985-syfers volgens tipe gestremdheid, bevolkingsgroep en geslag. Hiervolgens het die werkende gestremdes min of meer dieselfde ouderdomstruktuur as die totale ekonomies bedrywige bevolking. Die ouderdomsverspreiding vir die verskillende tipes gestremdhede verskil ook nie werklik noemenswaardig van mekaar nie.

3.3 Kwalifikasiepeilverdeling

WERKLOSE GESTREMDES

4.1 Inleiding

Twee soorte werklose persone word onderskei. Die eerste is die werksoeker. Hierdie persoon is aktief op soek na werk en indien hy nie op sy eie in die ope arbeidsmag geholpe raak nie, is daar verskeie instansies wat hom kan help om werk te vind soos bv. die Departement van Mannekrag, private indiensplasingkantore, en die Nasionale Gestremdesorgliggame. Statistiek vir persone wat by hierdie instansies registreer, is gewoonlik bekombaar.

Die tweede soort is die persoon wat in staat is om lonende werk te verrig maar uit vrye wil verkies om dit nie te doen nie. Dit is nie bekend presies wat die omvang en samestelling van hierdie groep is nie aangesien geen statistiek oor hierdie persone beskikbaar is nie. Verskeie ondersoeke het egter aan die lig gebring dat 'n groot aantal gestremdes wat in staat is om sinvolle arbeid te verrig, nie bereid is om dit te doen nie. Volgens Prinsloo (1986) wil baie gestremdes as gevolg van sielkundige faktore nie hulle maatskaplike verantwoordelikhede aanvaar deur te werk nie, maar verkies om 'n las op die gemeenskap te bly. Prinsloo (1986) wys daarop dat meer as 50% gestremdes nie gewillig was om te werk nie terwyl 'n verdere 55% nie bereid was om opgelei of heropgelei te word om sinvolle arbeid te verrig nie. Dié toedrag van sake kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die teenproduktiewe stelsel van ongeskiktheidstoelae en -pensioene aangesien dit potensiële werkers ontmoedig om vaste werk te aanvaar.

4.2 Werkloosheidstatistiek van die Departement van Mannekrag

Uit die werkloosheidstatistiek van die Departement van Mannekrag blyk dit dat 'n baie klein persentasie van die werklose gestremdes registreer en in diens geplaas word. Tabel 4.1 toon die gemiddelde getal

werklose gestremdes wat maandeliks sedert 1976 geregistreer het en die gemiddelde getal en persentasie wat in diens geplaas is. Die getal werklose persone wat registreer hang nou saam met die ekonomiese siklus. Die getal registrasies begin egter eers daal ongeveer twee jaar nadat die ekonomie met 'n opwaartse fase begin het. Die gepaardgaande daling in die getal plasings het tot gevolg dat die persentasie persone wat in diens geplaas word skerp gedaal het - van 33,4% in 1976 tot 6,3% in 1987. Hierdie tendens is ook duidelik sigbaar in figuur 5.4 wat die maandelikse registrasies en plasings toon asook werklose gestremdes wat nie geplaas kon word nie.

TABEL 4.1
GEMIDDELDE REGISTRASIES EN PLASINGS VAN WERKLOSE
GESTREMDES: DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG, 1976-1987

Jaar	Registrasies	Plasings	
		Getal	%
1976	802	268	33,4
1977	963	201	20,8
1978	1250	200	16,0
1979	1215	212	17,5
1980	963	172	17,8
1981	648	153	23,5
1982	569	136	23,9
1983	674	111	16,4
1984	770	105	13,6
1985	1081	93	8,6
1986	1213	99	8,2
1987	1562	99	6,3

Bron: Departement van Mannekrag.

Tabel 4.2 toon die gemiddelde getal werklose gestremdes wat maandeliks gedurende 1987 geregistreer het volgens tipe gestremdheid, bevolkingsgroep en geslag. Hiervan was 81% blankes, 6% kleurlinge, 12% Asiërs en slegs 1% swartes. Dit reflekteer natuurlik nie die samestelling van die werklose gestremdes nie maar toon slegs dat 'n groter persentasie blankes en Asiërs geregistreer het as kleurlinge en swartes. Meer as die helfte van die blankes wat geregistreer het, was verstandelik gestremd. Die statistiek toon verder dat 81% van die mans en 66% vroue wat geregistreer het voorheen gewerk het.

TABEL 4.2
WERKLOOSHEID: GEMIDDELDE MAANDELIKSE REGISTRASIES BY DIE DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG
VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG, 1987

Tipe gestremdheid	Blank		Kleurling		Asiër		Swart		Totaal		Totaal
	Mans	Vroue	Mans	Vroue	Mans	Vroue	Mans	Vroue	Mans	Vroue	
Blind	2,4	0,4	0,3	0,1	0,2	.	1,0	0,1	3,9	0,6	4,5
Swaksiende	19,9	4,4	3,3	.	0,5	0,8	0,7	0,2	24,5	5,4	29,9
Gehoor	21,7	14,7	4,6	0,4	1,6	0,1	7,2	0,8	35,1	16,0	51,1
Fisiek	62,1	20,0	23,3	1,3	35,0	3,4	2,6	0,3	123,0	25,0	148,0
Serebraal	20,8	4,8	1,8	.	4,3	0,5	0,5	.	27,4	5,3	32,7
Epilepties	51,3	21,5	10,8	0,2	29,1	8,0	1,9	0,2	93,1	29,9	123,0
Verstandelik	459,3	235,7	15,0	0,9	6,5	1,3	0,4	0,1	481,2	238,0	719,2
Meervoudig	30,5	10,8	6,2	.	0,3	.	.	.	37,0	10,8	47,8
Geestelik	70,3	43,9	9,1	0,1	11,3	1,9	0,2	.	90,9	45,9	136,8
Spraak	12,0	2,1	1,2	.	0,1	.	1,1	.	14,4	2,1	16,5
Ander	89,8	69,3	16,9	0,2	49,8	26,8	0,5	0,1	157,0	96,4	253,4
Andersins afgehandel *	14,8	8,3	1,7	.	1,4	0,6	0,1	.	18,0	8,9	26,9
TOTAAL	854,9	435,9	94,2	3,2	140,2	43,4	16,2	1,8	1105,5	484,3	1589,8

* Byvoorbeeld: Het elders werk gekry, of is na 'n inrigting of hospitaal..

Bron: Departement van Mannekrag.

Uit tabel 4.3, wat die gemiddelde getal werklose gestremdes volgens ouderdom en kwalifikasiepeil toon, is dit duidelik dat die kwalifikasiepeil van hierdie persone baie laag is. Byna 60% se kwalifikasiepeil is laer as st. 6.

Tabel 4.4 toon die beroep waarin die persone in diens geplaas is volgens tipe gestremdheid en bevolkingsgroep. Die getal persone wat geplaas is, word ook uitgedruk as 'n persentasie van die getal registrasies volgens beroep. 'n Relatief hoë persentasie kleurlinge (17%) is in diens geplaas terwyl slegs 0,3% Asiërs en 6% blankes geplaas kon word. In totaal is 7% van die mans en 4% van die vroue wat geregistreer het, in diens geplaas. Die grootste getal persone (500) is in beskutte arbeid by opleiding- en werksentrums in diens geplaas. Dit verteenwoordig egter minder as 5% van die getal gestremdes wat oorspronklik aan beskutte arbeid toegewys is.

Dit wil dus voorkom of die probleem nie alleen lê by die werkloses wat traag is om te registreer nie, maar ook dat die persone wat wel registreer, nie in diens geplaas kan word nie. Probleme rondom die indiensplasing van die gestremde persoon word onder meer in die projek : Dienslewering aan die gestremde persoon ten opsigte van werksevaluering, werkskepping, indiensplasing en steundienste ondersoek.

TABEL 4.3
WERKLOOSHEID: GEMIDDELDE MAANDELIKSE REGISTRASIES BY DIE DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG VOLGENS KWALIFIKASIE EN OUDERDOM, 1987

Bevolkings- groep	Ouderdoms- groep	Spesiale skool		Prakties onder st. 10		Prakties st. 10		Laer as st. 6		St. 6-7		St. 8-9		St. 10		Hoër as st. 10		Totaal	
		M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
Blank	-21	185	115	6	3	1	1	3	3	13	5	13	5	4	3	.	.	225	135
	21-34	230	95	36	22	2	1	14	10	51	19	49	14	23	7	1	0	406	168
	35-49	39	29	4	3	0	.	12	13	72	46	41	14	19	3	1	0	188	108
	50-64	3	4	0	.	.	.	5	6	27	13	16	4	6	1	0	0	57	28
	65-	0	0	1	.	2	0	2	0	1	0	0	.	6	0
	Totaal	457	243	46	28	3	2	35	32	165	83	121	37	53	14	2	0	882	439
Kleurling	-21	3	6	1	2	0	0	.	.	0	.	.	11	1
	21-34	5	.	0	.	0	.	16	0	10	0	3	0	1	0	.	.	35	0
	35-49	0	.	.	.	0	.	15	1	10	0	3	.	1	.	1	.	30	1
	50-64	0	11	.	6	.	1	.	0	.	.	.	18	.
	Totaal	8	.	0	.	0	.	48	2	28	0	7	0	2	0	1	.	94	2
Asiër	-21	1	4	0	1	1	2	0	.	0	.	.	8	1
	21-34	2	.	4	1	0	.	14	5	13	1	3	1	1	1	.	.	37	9
	35-49	1	35	23	21	1	4	1	2	.	.	.	63	25
	50-64	1	21	9	10	0	1	.	0	.	.	.	33	9
	Totaal	5	.	4	1	0	.	74	37	45	3	10	2	3	1	.	.	141	44
Swart	-21	2	0	.	0	.	.	.	0	.	.	.	2	.
	21-34	1	.	0	.	.	.	3	1	2	0	2	0	1	0	.	.	9	1
	35-49	2	.	2	0	0	0	4	0
	50-64	1	.	0	1	.
	65 -	0	0	.
	Totaal	3	.	0	.	.	.	6	1	4	0	2	0	1	0	.	.	16	1
TOTAAL	-21	191	115	6	3	1	1	13	4	16	6	15	5	4	3	.	.	246	137
	21-34	238	95	40	23	2	1	47	16	76	20	57	15	26	8	1	0	487	178
	35-49	40	29	4	3	0	.	64	37	105	47	48	15	22	3	2	0	285	134
	50-64	4	4	0	.	.	.	38	15	43	13	18	4	6	1	0	0	109	37
	65 -	0	0	1	.	2	0	2	0	1	0	0	0	6	0
	TOTAAL	473	243	50	29	3	2	163	72	242	86	140	39	59	15	3	0	1133	486

Bron: Departement van Mannekrag

TABEL 4.4

GESTREMDE PERSONE DEUR DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG GEPLAAS: VOLGENS BEROEP, 1987

Tipe gestremdheid	Bevolkings-groep	BEROEPSGROEP *															Totaal		
		1	3	4	5	6	7	8	9	10	11	13	14	15	16	M	V	Tot.	
Blind	Blank	1	.	1	1	1	2	
	Kleurling	
Swaksiende	Blank	.	.	1	2	1	1	.	1	1	1	.	3	3	.	9	5	14	
	Kleurling	4	.	4	.	4	
	Sub-totaal	.	.	1	2	1	1	.	1	1	1	.	3	7	.	13	5	18	
Gehoor	Blank	.	.	4	4	.	2	.	.	.	1	1	2	5	.	7	12	19	
	Kleurling	2	.	.	1	11	.	13	1	14	
	Sub-totaal	.	.	4	4	.	2	.	.	2	1	1	3	16	.	20	13	33	
Fisiek	Blank	.	4	1	5	.	2	2	2	.	2	.	4	13	.	29	6	35	
	Kleurling	3	.	.	.	67	.	61	9	70		
	Asiër	.	.	.	1	1	.	.	.	1	.	3	.	3	
	Swart	1	1	.	1	
	Sub-totaal	.	4	1	6	.	2	2	6	1	2	.	4	81	.	94	15	109	
Serebraal	Blank	.	1	.	2	.	1	.	.	1	.	.	.	5	.	10	.	10	
	Kleurling	6	.	6	.	6	
	Sub-totaal	.	1	.	2	.	1	.	.	1	.	.	.	11	.	16	.	16	
Epilepties	Blank	.	.	.	4	2	3	.	1	5	2	.	1	26	.	36	8	44	
	Kleurling	20	.	20	.	20	
	Sub-totaal	.	.	.	4	2	3	.	1	5	2	.	1	46	.	56	8	64	
Verstandelik	Blank	1	.	1	9	30	113	27	18	107	63	4	152	160	10	538	157	695	
	Kleurling	2	18	.	20	.	20	
	Asiër	1	.	1	.	1	
	Sub-totaal	1	.	1	9	30	113	27	18	107	63	4	154	179	10	559	157	716	
Geestelik	Blank	.	2	.	1	.	2	1	1	5	4	.	3	25	2	32	14	46	
	Kleurling	1	19	.	20	.	20	
	Sub-totaal	.	2	.	1	.	2	1	1	5	4	.	4	44	2	52	14	66	
Spraaak	Blank	.	.	.	2	.	2	.	2	.	1	.	1	1	.	6	3	9	
	Kleurling	1	.	.	.	3	.	4	.	4	
	Sub-totaal	.	.	.	2	.	2	.	2	1	1	.	1	4	.	10	3	13	
Meervoudig	Blank	.	.	.	1	.	1	.	.	2	1	.	2	28	1	21	15	36	
	Kleurling	12	.	12	.	12	
	Sub-totaal	.	.	.	1	.	1	.	.	2	1	.	2	40	1	33	15	48	
Ander	Blank	.	.	5	.	.	2	1	.	5	6	.	3	46	3	58	13	71	
	Kleurling	1	1	.	.	1	28	.	29	2	31	
	Asiër	1	.	.	1	.	2	.	2	
	Swart	1	.	.	1	.	1	
	Sub-totaal	.	.	5	.	.	2	1	1	6	7	.	5	75	3	90	15	105	
TOTAAL	Blank	2	7	13	30	33	129	31	25	126	81	5	171	312	16	747	234	981	
	Kleurling	4	4	.	.	5	188	.	189	12	201	
	Asiër	.	.	.	1	1	1	.	.	3	.	6	.	6	
	Swart	1	.	.	.	1	.	.	2	.	2	
	Totaal	2	7	13	31	33	129	31	30	131	82	5	177	503	16	944	246	1190	
Persentasie persone in diens geplaas		8	7	6	5	4	8	14	11	8	7	9	8	5	6	7	4	6	

* Beroep: 1 Professioneel en semi-professioneel 3 Bestuur en uitvoerend
 4 Administratief 5 Klerklik
 6 Verkoops- en verwante werk 7 Ambagsmanne en vakleerlinge
 8 Mynbedryf 9 Vervoer, aflewering en kommunikasie
 10 Operateur, halfgeskoolde werker 11 Dienste
 12 Plaaswerker 14 Ongeklasseeerde werker
 15 Beskutte arbeid 16 Ongeklasseeerd

Bron : Departement van Mannekrag

4.3 Inligting van die Nasionale gestremdesorgliggame .

Volgens 'n opname wat die S A Nasionale Raad vir Doves vanuit die maatskaplike werk gevalleladings gedurende Oktober 1985 gedoen het, was 610 werklose gehoorgestremdes by die Raad en sy geaffilieerde verenigings geregistreer. Hierdie inligting, ingedeel volgens bevolkingsgroep, geslag, ouderdom en kwalifikasie verskyn in tabel 4.5(a). By die interpretasie van hierdie syfers moet in gedagte gehou word dat dié inligting verkry is van 17 van die 27 maatskaplike werkers wat 'n diens aan gehoorgestremdes lewer en dat nie alle werklose doves by die maatskaplike werkers aanmeld nie. Indien die toetsgroep waarvan hierdie syfers verkry is, as maatstaf gebruik word, beteken dit dat 12,2% werkloos was. Wanneer hierdie persentasie toegepas word op die dovebevolking tussen 15 en 64 jaar soos in tabel 2.2 beraam, beteken dit dat ongeveer 20 000 doves en 60 000 betekenisvol gehoorgestremdes in 1985 werkloos was.

TABEL 4.5(a)
GETAL WERKLOSE GEHOORGESTREMDES, OKTOBER 1985

Bevolkingsgroep	Geslag		Ouderdom			Kwalifikasie	
	N		N		N		N
Blank	89	Manlik	350	10-16	6	Geen	6
Kleurling	108	Vroulik	260	17-25	269	Laerskool	374
Asiër	69			26-35	232	St 6	113
Swart	344			36-60	103	St 7	25
						St 8	23
						St 9	3
						St 10	15
						Na skool	2
						Graad	49
TOTAAL	610		610		610		610

In 'n opvolgopname in Junie 1986 wat slegs in die P.W.V.-gebied gedoen is, is daar 467 maatskaplike gevalle aangeteken. Dié getalle verskyn in tabel 4.5(b). Daar is gevind dat die grootste persentasie werklose doves oor onvoldoende opleiding vir die ope arbeidsmark beskik.

TABEL 4.5(b)
GETAL WERKLOSE GEHOORGESTREMDES IN DIE P.W.V.-GEBIED, JUNIE 1986

Bevolkingsgroep	Geslag		Totaal
	Manlik	Vroulik	
Blank	27	6	33
Kleurling	22	16	38
Asiër	27	16	43
Swart	219	134	353
TOTAAL	295	172	467

Bron: S A Nasionale Raad vir Doves

TABEL 4.6
GETAL WERKLOSE GESIGGESTREMDES GEREGISTREER BY DIE RAAD VIR BLINDES

Provinsie	Ouderdom	Blank			Kleurling			Asiër		Swart			Totaal		
		Mans	Vroue	Totaal	Mans	Vroue	Totaal	Vroue	Totaal	Mans	Vroue	Totaal	Mans	Vroue	Totaal
Blind															
Kaap	20-29	.	.	.	1	2	3	.	.	1	.	1	2	2	4
	30-39	1	.	1	1	1	2	1	1	.	.	.	2	2	4
	40 en ouer	1	.	1	1	.	1
	Sub-totaal	2	.	2	2	3	5	1	1	1	.	1	5	4	9
Natal	20-29	.	1	1	.	.	.	2	2	3	3
	Sub-totaal	.	1	1	.	.	.	2	2	3	3
Transvaal	20-29	5	4	9	1	.	1	.	.	6	6	12	12	10	22
	30-39	3	2	5	2	.	2	.	.	5	2	7	10	4	14
	40 en ouer	2	.	2	3	1	4	5	1	6
	Sub-totaal	10	6	16	3	.	3	.	.	14	9	23	27	15	42
Vrystaat	20-29	1	.	1	1	.	1	2	.	2
	30-39	1	.	1	1	.	.	1
	Sub-totaal	2	.	2	1	.	1	3	.	3
TOTAAL	20-29	6	5	11	2	2	4	2	2	8	6	14	16	15	31
	30-39	5	2	7	3	1	4	1	1	5	2	7	13	6	19
	40 en ouer	3	.	3	3	1	4	6	1	7
	Totaal	14	7	21	5	3	8	3	3	16	9	25	35	22	57
Swaksiende															
Kaap	20-29	1	1	2	5	.	5	2	2	2	.	2	8	3	11
	30-39	.	.	.	1	.	1	.	.	1	.	1	2	.	2
	40 en ouer	.	1	1	1	.	1
	Sub-totaal	1	2	3	6	.	6	2	2	3	.	3	10	4	14
Transvaal	15-19	2	.	2	2	.	2
	20-29	12	7	19	.	1	1	.	.	3	3	6	15	11	26
	30-39	7	2	9	5	.	5	12	2	14
	40 en ouer	6	.	6	6	.	6
Sub-totaal	27	9	36	.	1	1	.	.	8	3	11	35	13	48	
Vrystaat	20-29	1	.	1	1	.	1
	30-39	1	.	1	1	.	1
	Sub-totaal	2	.	2	2	.	2
TOTAAL	15-19	2	.	2	2	.	2
	20-29	14	8	22	5	1	6	2	2	5	3	8	24	14	38
	30-39	8	2	10	1	.	1	.	.	6	.	6	15	2	17
	40 en ouer	6	1	7	6	1	7
	Totaal	30	11	41	6	1	7	2	2	11	3	14	47	17	64

Tabel 4.6 toon inligting rakende gesiggestremde werklose persone wat by die Nasionale Raad vir Blindes geregistreer het volgens bevolkingsgroep, geslag, provinsie en ouderdom. Daar moet in gedagte gehou word dat slegs 'n klein persentasie van die blindes registreer en dat nie almal wat geregistreer het by hierdie syfers ingesluit is nie.

4.4 Die werklose en nie-ekonomies bedrywige gestremde bevolking

Die vermoede bestaan dat heelwat gestremde persone met die potensiaal om lonende arbeid te verrig in die werklose en nie-ekonomies bedrywige groep voorkom. Om hierdie rede word daar kortliks na die werkspotensiaal van hierdie persone gekyk.

Ten einde die werkspotensiaal van die gestremde persoon te bepaal, moet die graad van gestremdheid eerstens in aanmerking geneem word. Die 1980-sensus wat in die ontledings gebruik is, kon egter geen inligting in die verband verstrek nie. Gevolglik kon die getal persone wat moontlik nog sinvolle arbeid kan verrig, nie met enige mate van sekerheid bepaal word nie. 'n Ander belangrike faktor wat die beroepsmoontlikhede van die gestremde persoon bepaal, is sy geskooldeheidsvlak. Die kwalifikasiepeilverdeling van die werklose en nie-ekonomies bedrywige gestremde persone (soos in tabel 4.7 uiteengesit), is bepaal deur die kwalifikasiepeilverdeling van die werklose en nie-ekonomies bedrywige gestremdes uit die 1980-sensus te bereken en op die beraamde getal werklose en nie-ekonomiesbedrywige gestremdes in 1985 toe te pas (uit tabel 2.3(a)). Hiervolgens was daar byvoorbeeld 35 500 werklose en nie-ekonomies bedrywige gestremdes met 'n standerd tien of hoër kwalifikasie in die ouderdomsgroep 15 tot 64 jaar. Meer as die helfte hiervan (18 000) het in die kategorie 'ander' voorgekom.

TABEL 4.7
 KWALIFIKASIEVERDELING VAN DIE WERKLOSE EN NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985

Tipe gestremdheid	Kwalifikasie	Blank		Kleurling		Asiër		Swart		Totaal	
		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Blind	Geen	335	10	1702	42	358	35	14456	64	16851	54
	Laerskool	406	12	1700	42	292	29	6124	27	8522	27
	St 6-7	1212	35	508	12	255	25	1538	7	3513	11
	St 8-9	886	25	129	3	84	8	517	2	1616	5
	St 10	477	14	18	0	22	2	106	0	623	2
	St 10+Dip	115	3	5	0	4	0	7	0	131	0
	Graad	82	2	9	0	.	.	3	0	94	0
	Sub-totaal		3513	100	4071	100	1015	100	22751	100	31350
Doof	Geen	2368	14	5010	43	2884	66	51985	68	62247	57
	Laerskool	2520	15	4220	36	867	20	19884	26	27491	25
	St 6-7	5897	35	1442	12	440	10	3668	5	11447	10
	St 8-9	4444	27	610	5	137	3	1154	2	6345	6
	St 10	1101	7	340	3	11	0	133	0	1585	1
	St 10+Dip	307	2	307	0
	Graad	85	1	9	0	94	0
	Sub-totaal		16722	100	11631	100	4339	100	76824	100	109516
Fisiek	Geen	2699	8	6469	27	2770	33	68865	47	80803	38
	Laerskool	3139	10	12009	50	3236	39	55405	38	73789	35
	St 6-7	11396	35	4342	18	1577	19	16537	11	33852	16
	St 8-9	9245	28	1118	5	541	7	5004	3	15908	8
	St 10	4670	14	187	1	147	2	557	0	5561	3
	St 10+Dip	1109	3	22	0	26	0	71	0	1228	1
	Graad	545	2	9	0	13	0	15	0	582	0
	Sub-totaal		32803	100	24156	100	8310	100	146454	100	211723
Epilepties	Geen	2015	10	3552	25	1012	22	41514	48	48093	39
	Laerskool	2768	14	7192	51	2190	47	35172	41	47322	38
	St 6-7	7509	38	2508	18	956	21	7574	9	18547	15
	St 8-9	5482	28	599	4	362	8	1960	2	8403	7
	St 10	1574	8	113	1	79	2	180	0	1946	2
	St 10+Dip	277	1	5	0	14	0	25	0	321	0
	Graad	127	1	127	0
	Sub-totaal		19752	100	13969	100	4613	100	86425	100	124759
Serebraal	Geen	1036	17	1016	27	454	35	10809	48	13315	40
	Laerskool	627	10	1825	48	561	43	8505	38	11518	34
	St 6-7	2142	35	682	18	200	15	2378	11	5402	16
	St 8-9	1303	21	220	6	56	4	642	3	2221	7
	St 10	748	12	21	1	21	2	112	0	902	3
	St 10+Dip	155	3	4	0	.	.	15	0	174	1
	Graad	128	2	3	0	131	0
	Sub-totaal		6139	100	3771	100	1292	100	22461	100	33663
Verstandelik	Geen	53835	61	26111	53	8040	50	186448	62	274434	60
	Laerskool	17771	20	18431	38	5403	34	87614	29	129219	28
	St 6-7	12635	14	3436	7	2000	12	21223	7	39294	9
	St 8-9	2530	3	751	2	439	3	5959	2	9679	2
	St 10	881	1	130	0	151	1	831	0	1993	0
	St 10+Dip	90	0	19	0	6	0	123	0	238	0
	Graad	35	0	28	0	.	.	9	0	72	0
	Sub-totaal		87777	100	48906	100	16039	100	302207	100	454929
Geestelik	Geen	1212	18	1574	39	401	30	17535	68	20722	55
	Laerskool	747	11	1522	38	534	40	6114	24	8917	23
	St 6-7	2039	29	711	18	272	20	1466	6	4488	12
	St 8-9	1653	24	195	5	92	7	454	2	2394	6
	St 10	1015	15	35	1	40	3	93	0	1183	3
	St 10+Dip	131	2	9	0	4	0	1	0	145	0
	Graad	123	2	2	0	2	0	3	0	130	0
	Sub-totaal		6920	100	4048	100	1345	100	25666	100	37979
Ander	Geen	4629	7	9566	20	4901	30	122877	44	141972	35
	Laerskool	5002	7	23978	50	6257	39	107984	39	143221	35
	St 6-7	23525	34	11148	23	3411	21	33120	12	71204	17
	St 8-9	21051	30	2660	6	1094	7	11782	4	36587	9
	St 10	10309	15	470	1	344	2	1781	1	12904	3
	St 10+Dip	3138	5	38	0	62	0	212	0	3450	1
	Graad	1449	2	9	0	27	0	68	0	1553	0
	Sub-totaal		69103	100	47869	100	16096	100	277824	100	410892
TOTAAL	Geen	68129	28	55000	35	20820	39	514489	54	658438	47
	Laerskool	32980	14	70877	45	19340	36	326802	34	449999	32
	St 6-7	66355	27	24777	16	9111	17	87504	9	187747	13
	St 8-9	46594	19	6282	4	2805	5	27472	3	83153	6
	St 10	20775	9	1314	1	815	2	3793	0	26697	2
	St 10+Dip	5322	2	102	0	116	0	454	0	5994	0
	Graad	2574	1	69	0	42	0	98	0	2783	0
	TOTAAL		242729	100	158421	100	53049	100	960612	100	1414811
Totale nie-ekonomies bedrywige bevolking (x10)	Geen	1532	1	7620	12	2724	11	108949	25	120825	19
	Laerskool	2420	2	25433	41	5925	24	176792	41	210570	33
	St 6-7	23173	21	17009	28	6511	27	82048	19	128741	20
	St 8-9	43369	39	8878	14	6071	25	53568	12	111886	18
	St 10	28166	25	2365	4	2906	12	13366	3	46803	7
	St 10+Dip	9168	8	146	0	201	1	234	0	9749	2
	Graad	3750	3	49	0	127	1	144	0	4070	1
	TOTAAL		111578	100	61500	100	24465	100	435101	100	632644


Tabel 4.8 en figuur 4.2 toon die aktiwiteite waarby die werklose en nie-ekonomies bedrywige gestremdes betrokke was of andersins 'n heenkome gevind het. Hiervolgens het proporsioneel meer blindes (49%) een of ander pensioen ontvang as enige van die ander gestremdes. Persone met geestelike gestremdheid het proporsioneel die minste (slegs 7% swartes en 13% van die totaal) pensioen ontvang. 'n Relatief lae persentasie (24%) van die dowes ontvang pensioen. Proporsioneel het die grootste persentasie gestremdes wat besig was met studie by die dowes voorgekom. In totaal was 15% van die blankes besig met studie.

TABEL 4.8
 AKTIWITEITE VAN DIE WERKLOSE EN NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985

Tipe gestremdeheid	Aktiwiteit	Blank		Kleurling		Asiër		Swart		Totaal	
		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Blind	Huisvrou	973	28	614	15	121	12	4833	21	6541	21
	Student	366	10	182	4	135	13	1073	5	1756	6
	Inrigting	16	0	11	0	.	.	119	1	146	0
	Pensioenaris	1862	53	2817	69	524	52	10074	44	15277	49
	Ander	296	8	447	11	236	23	6654	29	7633	24
	Sub-totaal	3513	100	4071	100	1016	100	22753	100	31353	100
Doof	Huisvrou	6973	42	1866	16	594	14	16855	22	26288	24
	Student	3668	22	2393	21	316	7	9130	12	15507	14
	Inrigting	397	2	77	1	.	.	551	1	1025	1
	Pensioenaris	4402	26	4196	36	1683	39	16425	21	26706	24
	Ander	1282	8	3101	27	1746	40	33864	44	39993	37
	Sub-totaal	16722	100	11633	100	4339	100	76825	100	109519	100
Fisiek	Huisvrou	10038	31	4094	17	1309	16	29195	20	44636	21
	Student	2298	7	1282	5	340	4	11319	8	15239	7
	Inrigting	426	1	220	1	7	0	1651	1	2304	1
	Pensioenaris	16110	49	13439	55	4245	51	45732	31	79526	38
	Ander	3933	12	5120	21	2410	29	58557	40	70020	33
	Sub-totaal	32805	100	24155	100	8311	100	146454	100	211725	100
Epilepties	Huisvrou	4809	24	1515	11	543	12	12153	14	19020	15
	Student	3313	17	703	5	285	6	6293	7	10594	8
	Inrigting	1579	8	892	6	194	4	12090	14	14755	12
	Pensioenaris	6999	35	6972	50	1809	39	17213	20	32993	26
	Ander	3050	15	3889	28	1780	39	38678	45	47397	38
	Sub-totaal	19750	100	13971	100	4611	100	86427	100	124759	100
Serebraal	Huisvrou	934	15	532	14	211	16	4220	19	5897	18
	Student	940	15	212	6	61	5	822	4	2035	6
	Inrigting	432	7	204	5	18	1	1789	8	2443	7
	Pensioenaris	2996	49	2058	55	657	51	6801	30	12512	37
	Ander	839	14	764	20	345	27	8830	39	10778	32
	Sub-totaal	6141	100	3770	100	1292	100	22462	100	33665	100
Verstandelik	Huisvrou	2196	3	2799	6	843	5	39205	13	45043	10
	Student	15801	18	2678	5	851	5	9456	3	28786	6
	Inrigting	29418	34	4836	10	473	3	34327	11	69054	15
	Pensioenaris	26574	30	22357	46	7217	45	65110	22	121258	27
	Ander	13784	16	16238	33	6656	41	154109	51	190787	42
	Sub-totaal	87773	100	48908	100	16040	100	302207	100	454928	100
Geestelik	Huisvrou	666	10	329	8	168	13	1931	8	3094	8
	Student	211	3	91	2	38	3	347	1	687	2
	Inrigting	3833	55	1782	44	390	29	16328	64	22333	59
	Pensioenaris	1407	20	1151	28	482	36	1881	7	4921	13
	Ander	802	12	695	17	265	20	5178	20	6940	18
	Sub-totaal	6919	100	4048	100	1343	100	25665	100	37975	100
Ander	Huisvrou	20580	30	9189	19	4074	25	69927	25	103770	25
	Student	10455	15	3274	7	826	5	23637	9	38192	9
	Inrigting	2668	4	2117	4	5	0	32043	12	36833	9
	Pensioenaris	28347	41	24228	51	8277	51	58787	21	119639	29
	Ander	7054	10	9060	19	2912	18	93430	34	112456	27
	Sub-totaal	69104	100	47868	100	16094	100	277824	100	410890	100
TOTAAL	Huisvrou	47169	19	20938	13	7863	15	178319	19	254289	18
	Student	37052	15	10815	7	2852	5	62077	6	112796	8
	Inrigting	38769	16	10139	6	1087	2	98898	10	148893	11
	Pensioenaris	88697	37	77218	49	24894	47	222023	23	412932	29
	Ander	31040	13	39314	25	16350	31	399300	42	486004	34
	TOTAAL	242727	100	158424	100	53046	100	960617	100	1414814	100

FIGUUR 4.1

VERDELING VAN DIE WERKLOSE EN NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE GESTREMDES TUSSEN 15 EN 64 JAAR



Huisvrou
 Pensionaris
 Skolier, student
 Inwoner in inrigting
 Ander

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

5.1 Inleiding

Ter uitvoering van enige sinvolle beplanning vir 'n suksesvolle opleidings- en indiensplasingprogram is dit noodsaaklik om eers 'n beeld van die huidige situasie te verkry. Die primêre doel met die ondersoek was om beskikbare inligting in te win en aan die hand daarvan die bio- en geografiese samestelling van die werkende en werklose gestremde bevolking in die RSA statisties te ontleed.

Die vernaamste inligtingsbronne wat in die ontledings gebruik is, is die bevolkingsensusse van 1980 en 1985 van die Sentrale Statistiekdiens, werkloosheidstatistiek van die Departement van Mannekrag, die Nasionale Gestremdesorgliggame en verslae uit die *Jaar van Gestremde Persone, 1986*.

Die beskikbaarheid van betroubare statistiek rakende die ekonomies bedrywige gestremde bevolking was deurgaans problematies. Gevolglik moes van alternatiewe metodes gebruik gemaak word om die bestaande inligtingsbronne optimaal te benut ten einde 'n oorsigtelike beeld van die samestelling van die werkende gestremde bevolking te verkry. Hoewel die metode nie volkome akkurate syfers lewer nie, kan die resultate nogtans as 'n redelike weergawe van die toedrag van sake aanvaar word.

5.2 Voorkoms en verspreiding van die gestremde bevolking


Volgens die raming wat in hoofstuk twee (tabel 2.2) gemaak is, was meer as twee miljoen persone in 1985 in die RSA in die ouderdomsgroep 15 tot 64 jaar gestremd. Volgens die 1980-bevolkingsensus het minder as 20% van die gestremdes in hierdie ouderdomsgroep gewerk. Die ooreenstemmende persentasie vir die totale bevolking was 55%. Aangesien die mate van gestremdheid van die persone nie bekend was nie, kon nie be-

paal word watter persentasie van die nie-ekonomies aktiewe gestremdes wel nog in staat sou wees om sinvolle arbeid te verrig nie.

In figuur 5.1 word die ekonomiese bedrywigheid (werkend, werkloos en nie-ekonomies bedrywig) van die gestremde persone vergelyk met dié van die totale bevolking volgens bevolkingsgroep en geslag. Wanneer 'n mens die gestremdes met die totale bevolking vergelyk, val dit op dat 'n relatief groot persentasie van die blanke gestremdes gewerk het terwyl 'n buitengewoon groot persentasie Asiërgestremdes ekonomies onaktief was.

FIGUUR 5.1

EKONOMIESE BEDRYWIGHEID VAN DIE GESTREMDE EN TOTALE BEVOLKING TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1980



* G = Gestremdes T = Totale bevolking


Die werkloosheidskoers by die kleurling- en swart gestremdes was relatief hoog. By die swart vroue was die werkloos byna net so veel as die werkendes. Die huidige ekonomiese klimaat inaggenome, kan aanvaar word dat die werkloosheidsyfers vandag heelwat hoër kan wees.

5.3 Werkende gestremdes

Die bevolkingsgroepverdeling van die werkende gestremdes volgens tipe gestremdheid word in figuur 5.2 vergelyk met dié van die totale ekonomies-bedrywige bevolking in 1985.

FIGUUR 5.2

BEVOLKINGSGROEPVERDELING VAN DIE WERKENDE GESTREMDE EN TOTALE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985



Dit is duidelik dat die blanke gestremdes die arbeidsmag in 'n groter mate betree as die ander bevolkingsgroepe. Hierdie tendens geld veral vir die blindes, epileptici en geestelik gestremdes en in 'n effens kleiner mate die fisiekgestremdes.

In figuur 5.3 word die kwalifikasiepeilverdeling van die werkende gestremde persone met dié van die totale ekonomies bedrywige bevolking volgens bevolkingsgroep vergelyk. Soos verwag kan word, is die kwalifikasiepeil van die gestremdes in die algemeen heelwat laer as dié van die totale bevolking. Daar is byvoorbeeld minder as 40% blanke werkende gestremdes wat st. 10 of 'n hoër kwalifikasie behaal het teenoor die 60% van die totale ekonomies bedrywige blanke bevolking. Slegs 12% kleurlinggestremdes beskik oor 'n kwalifikasie hoër as st. 7 teenoor die 22% van die totale kleurlingbevolking. Die ooreenstemmende syfers vir die Asiërs is 33% teenoor 55% en vir die swartes is dit 7% teenoor 15%.

Die laer geskooldeheidsvlak van die gestremdes word ook in die beroepstruktuur gereflekteer soos duidelik in figuur 5.4 waargeneem kan word waar die beroepstruktuur van die gestremdes met dié van die totale bevolking volgens bevolkingsgroep en geslag vergelyk word.


5.4 Werklose gestremdes

Betroubare statistiek oor die werklose gestremde bevolking was moeilik bekombaar. Die enigste bronne waar sodanige statistiek geredelik beskikbaar is, is die Departement van Mannekrag en die Nasionale Gestremdesorgliggame. Geen statistiek is beskikbaar oor persone wat nie aktief werk soek nie.

Uit die werkloosheidstatistiek van die Departement van Mannekrag blyk dat 'n baie klein persentasie van die werklose gestremdes registreer en

FIGUUR 5.3


KWALIFIKASIEPEILVERDELING VAN DIE GESTREMDE EN TOTALE EKONOMIES-
BEDRYWIGE BEVOLKING TUSSEN 15 EN 64 JAAR, 1985



* G = Gestremdes T = Totale bevolking

FIGUUR 5.4

BEROEPSVERDELING VAN DIE GESTREMDE EN TOTALE EKONOMIES-BEDRYWIGE BEVOLKING TUSSEN 15 EN 64 JAAR. 1985



* G = GESTREMDES T = TOTALE BEVOLKING


in diens geplaas word. Figuur 5.5 toon die getal werklose gestremdes wat maandeliks sedert 1976 geregistreer het en die getal persone wat in diens geplaas is. Die persentasie persone wat in diens geplaas is, het skerp gedaal - van 33,4% in 1976 tot 6,3% in 1987.

Hiervolgens lê die probleem nie soseer by die werkloses wat traag was om te registreer nie, maar eerder dat die persone wat wel geregistreer het, nie in diens geplaas kon word nie. Daar sal deeglik na indiensplasing by opleiding- en werksentra gekyk moet word en metodes moet ondersoek word om die ope arbeidsmark meer toeganklik vir die gestremde werker te maak.

FIGUUR 5.5

WERKLOOSHEID: GETAL REGISTRASIES, PLASINGS EN WERKLOSES
JANUARIE 1976 - FEBRUARIE 1988

GETAL



Persentasie
geplaas

33 % 21 % 16 % 17 % 18 % 24 % 24 % 16 % 14 % 9 % 8 % 6 %

— Geplaas

- - - - - Werkloos

- · - · - Totaal

BRON: DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

5.5 AANBEVELINGS

5.5.1 Vraelyste vir bevolkingsensus- en lopende bevolkingsopnames

Aanbeveling

Vraelyste wat vir bevolkingsensus- en lopende bevolkingsopnames gebruik word, moet aangepas word om ook sinvolle data oor gestremdeheid in te win.

Motivering

Statistiese gegewens oor gestremdes is in hierdie stadium relatief moeilik bekombaar, meestal onvolledig en taamlik wyd verspreid by verskeie instansies. Die betroubaarheid en resenteheid van beskikbare statistiek is van so 'n aard dat ramings oor die aanbod van gestremdes in die arbeidsmark en die beskikbaarheid van werkgeleenthede nie ongekwalifiseerd vir mannekragbeplannings- en -ontwikkelingsdoeleindes aangewend kan word nie.

Die inisiatiewe van die onderskeie Nasionale Rade om inligting oor die deelnamepatrone van gestremdes aan die arbeidsmark te monitor, is nie voldoende om die vraag na inligting op nasionale vlak te bevredig nie. Indien die Nasionale Rade alle data van 'n sentrale punt soos die Sentrale Statistiekdiens kan verkry, sal dit hulle baie koste bespaar en kan ook meer gekoördineerd opgetree word omdat dieselfde databron gebruik word.

Die bevolkingsensus is die enigste opname waarby alle inwoners van die RSA betrek word. Om hierdie rede moet dringende stappe geneem word om te verseker dat sinvolle statistiek rakende gestremdes met die volgende sensus (1991) ingesamel word. Riglyne en besonderhede oor die prosedure wat gevolg word om addisionele vrae in te sluit, word in bylae F bespreek.

Ander opnames wat deur die SSD op 'n meer gereelde grondslag onderneem word en die moeite kan loon om te ondersoek, is die volgende:

Lopende bevolkingsopnames word maandeliks landwyd op 'n steekproefbasis onderneem om die struktuur van die ekonomies bedrywige kleurling-, Asiër- en swart bevolkingsgroepe te bepaal. Bevolkingsgroep, geslag, ouderdom, ekonomiese bedrywigheid, nywerheid, beroep, kwalifikasie en geografiese gebied word onder meer onderskei.

Mannekrageopnames word jaarliks landwyd op 'n steekproefbasis by ondernemings in die private sektor sowel as by instellings in die openbare sektor onderneem. Ekonomiese sektor, beroep, gebied, bevolkingsgroep en geslag word onderskei. Aangesien die vraelys nie op die individu gemik is nie - die werkgewer gee slegs die totale getal persone wat in sy diens is volgens beroep, bevolkingsgroep en geslag - sou dit uiters moeilik wees om vrae rakende gestremdheid in die vraelys in te sluit.

Ondersoek is ingestel na alternatiewe metodes om inligting oor gestremdes vir doeltreffende mannekragebeplanning in te samel. Die doeltreffendste metode vir die doel sou wees om 'n nasionale register van gestremdes op individuele basis te ontwikkel. Die databasis sou onder andere die volgende besonderhede kon insluit: identifiserende gegewens (I D), bevolkingsgroep, geslag, geboortedatum, primêre en sekondêre gestremdhede, oorsaak, graad van gestremdheid, beroepsevaluasie, beroep, ekonomiese bedrywigheid, ongeskiktheidspensioen of ander toelaes en geografiese gebied. Inligting sou byvoorbeeld bekom kon word deur middel van die maatskaplike werker, distriksgenees^{ker,} hospitaal en land^droskantoor wat die data kon deurgee na 'n sentrale punt, byvoorbeeld die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling. Die koste verbonde aan die ontwikkeling en instandhouding van so 'n projek is egter geweldig hoog en kan moeilik geregverdig word.

5.5.2 'n Standaardgestremdheidsklassifikasie

Aanbeveling

'n Standaardgestremdheidsklassifikasie moet vir Suid-Afrika ontwikkel word.

Motivering

Ten einde koördinerings tussende verskillende instansies te vergemaklik, is dit noodsaaklik dat 'n eenvormige klassifikasie van gestremdhede vir Suid-Afrika opgestel word. Daar is verskillende uitgangspunte wat gevolg kan word wanneer sodanige klassifikasie opgestel word. Die indeling van gestremdhede tans in gebruik by die verskillende instansies en wat in bylae B verskyn, is hoofsaaklik op 'n mediese grondslag gebaseer. Vir die doel van mannekragbeplanning sou dit egter voordelig wees om ook die werkpotensiaal van die gestremde in ag te neem. Hierdie klassifikasie behoort volledige beskrywings en definisies van die aard en graad van elke gestremdheid in te sluit. Dit sal onder andere ook duidelikheid oor meervoudige gestremdheid moet gee. Dit sou nie aanbeveel word dat alle kombinasies van meervoudige gestremdhede summier in een kategorie ingedeel word nie. Verkieslik moet die primêre en sekondêre gestremdhede geïdentifiseer kan word. 'n Breë raamwerk wat as basis vir so 'n klassifikasie kan dien, word in die laaste kolom van bylae B gegee.

5.5.3 Ongeskiktheidstoelaes en -pensioene

Aanbeveling

Die steisel van ongeskiktheidstoelaes en -pensioene moet ondersoek word.

Motivering

Die teenproduktiewe ongeskiktheidstoelae- en -pensioenstelsel ontmoedig 'n groot aantal potensiële werkers om werk te aanvaar terwyl hulle in staat is om sinvolle arbeid te verrig. Bykomend tot die aanbevelings wat Van Oordt doen in sy Memorandum on the gainful employment of the person who is disabled (Oktober 1986), wat in bylae E ingesluit is, die volgende: Alvorens 'n aanbeveling ten opsigte van die toewysing van ongeskiktheidspensioen gemaak word, moet die ongeskiktheid van applikante geassees^{er} word volgens 'n uniforme en wetenskaplik bepaalde stel indikatore wat vir elke tipe gestremdheid afsonderlik opgestel word deur 'n multi-professionele span wat arbeidsterapeute, psigometriste en kundiges op elke terrein van gestremdheid insluit. So 'n multi-professionele span wat by die beroepsopleidingsentra in die vooruitsig gestel word, sal dan ook verantwoordelik wees vir die evaluering en keuring van applikante. Vir sinvolle indiensplasing is dit nodig dat die gestremde se vermoëns en belangstellings versoen word met moontlike opleiding.

5.5.4 Werkgeleenthede

Aanbeveling

Werkgeleenthede moet op alle produktiwiteitsvlakke vir die gestremde geskep en toeganklik gemaak word.

Motivering

Die hoë werkloosheidsyfer by die gestremdes dui op 'n groot behoefte aan werkgeleenthede vir dié persone. Een van die oorsake van die tekort aan werkgeleenthede kan gevind word in die onkunde by die werkgewers en die publiek oor die vermoëns van gestremdes en gestremdheid in die algemeen. Die gestremde se potensiaal kan beter benut word deur weg te beweeg van die idee dat gestremdes net geskik is

vir spesifieke soorte werk. Sodoende sal die gestremde persoon ook beter met die nie-gestremde persoon in die arbeidsmark kan kompeteer. Die media kan in 'n groot mate gebruik word om hierdie situasie te verbeter.

Nie alleen moet bykomende werkgeleenthede by die opleidings- en werksentrums en die beskermde werkswinkels geskep word nie, maar bestaande werkgeleenthede in die ope arbeidsmark moet meer toeganklik vir die gestremde gemaak word, met ander woorde die gestremde moet 'n gelyke geleentheid gebied word ten opsigte van werkseleenthede.

2.6 SLOTPERSPEKTIEF

Die gebrekkige beskikbaarheid van betroubare statistiese gegewens oor gestremdes plaas ernstige beperkinge op sinvolle manekragbeplanning. Daar is aanduidings van relatief grootskaalse werkloosheid, veral onder die kleurling en swart gestremdes. Hulle indiensplasing word gekortwiek nie alleen deur hulle lae geskooldeheidsvlak en gebrek aan beroepsvaardighede nie, maar ook deur die onkunde van werkgewers oor die werkpotensiaal van die gestremde persoon.

Die verslag gee 'n geheeloorsig van die aanbod van gestremdes, maar hoewel daar nie veel uitsprake oor die beskikbaarheid van werkgeleenthede gemaak kon word nie, dui al die gegewens daarop dat 'n groot tekort aan werkgeleenthede in veral sekere kategorieë bestaan. Dit blyk noodsaaklik te wees dat daar vir die gestremdes op 'n deurlopende basis data ingewin sal word ten einde die vraag en aanbod noukeurig te bepaal en dienooreenkomstig indiensplasingstrategieë te ontwikkel.

BYLAE A

PROBLEME ONDERVIND EN LEEMTES IN DIE ONDERSOEK

Die belangrikste probleem is die algehele gebrek aan betroubare inligting oor die ekonomies bedrywige gestremde bevolking. Die statistiek wat wel beskikbaar is, het talle gebreke.

Algemeen

Daar bestaan nie 'n sentrale inligtingsbron waar relevante inligting verkry kan word nie.

Die gebrek aan 'n definisie van die aard of graad van gestremdhede verminder die bruikbaarheid van statistiek wat wel verkry kan word.

Daar bestaan nie 'n standaard-gestremdhedsklassifikasie nie. Elke instansie gebruik sy eie indeling.

Die term "meervoudig gestremd" skep verwarring - persone met 'n sekondêre gestremdheid word soms by meervoudig gestremd ingedeel en ander kere by die primêre gestremdheid bv. spraakgebreke a.g.v. gehoor- of verstandelike gebreke.

Aangebore en verworwe gestremdhede word nie in die beskikbare bronne onderskei nie.

Inligting oor werklose gestremdes is moeilik bekombaar. By die meeste welsynsorganisasies is hierdie inligting slegs beskikbaar by die maatskaplike werkers vanaf die persoonlike lêers van die persone wat by hulle aangemeld het.

Inligting oor die gestremde werker in diens by organisasies in die ope arbeidsmark is moeilik bekombaar.

Bevolkingsensusse van die Sentrale Statistiekdiens

In die 1985-sensus is gestremdheid glad nie geïdentifiseer nie.

Die 1980-sensus toon groot ondertellings.

Swaksiendes en hardhorendes word nie onderskei nie.

Serebraalgestremdheid is nie onderskeibaar van fisiekgestremdes nie

bv. spasties-parapleeg, spasties-kwadrupteeg.

Die graad van gestremdheid word nie aangedui nie.

Spraakgestremdheid word nie onderskei nie maar by die kategorie "nie elders geklassifiseer" ingedeel.

Werkloosheidstatistiek van die Departement van Mannekrag

Baie min werklose gestremdes registreer.

Feitlik geen swartes registreer nie.

Dowes en hardhorendes word nie van mekaar geskei nie.

Polio word saam met breinbesering en serebrale verlamming ingedeel.

Kwalifikasiepeil en ouderdom is nie volgens tipe gestremdheid beskikbaar nie.

Hoofverslag uit die Jaar van Gestremde Persone 1986

Meervoudiggestremde persone word nie afsonderlik onderskei nie - hulle word by die primêre gestremdheid ingedeel.

Feitlik geen statistiek oor die werkende en werklose gestremde is ingesluit nie.

LEEMTES IN DIE NAVORSING

Die metode wat gevolg is om die samestelling van die werkende gestremde bevolking te bepaal, leun swaar op die 1980-bevolkingsensus. Die groot ondertellings - veral by die laer- en hoër-gevoelingsvlakke - het tot gevolg dat 'n skewe beeld van die samestelling verkry kan word. Wanneer die 1930-struktuur toegepas word op die veel groter syfers van 1985, is daar die moontlikheid dat 'n relatief klein "fout" in die 1980-sensus buite verhouding vergroot word na onrealistiese getalle in 1985.

BYLAE B
GESTREKTHEIDSIWDELING VOLGERS DIE WERSKILLEWDE IWLGTINGSBRONNE

RGN/NOR Werrkornitee	Sentrale Statistiekdiens 1980-Bevolkingsensus	Departement van Mannekrag Werkloosheidstatistiek	Dept. van Nasionale Gesondheid en Bevolkings- ontwikkeling Hoofverslag van die Jaar van Gestremde Persone 1986	Voorgestelde breë raamwerk vir gestremdeidsklassifikasie
1. Sintuiglik gestremd a. Gesiggestremd 1. Blind 2. Swaksierende	7-Blind	1-Blind 2-Swaksierende 3-Ander gesigsgebreke	b Gesiggestremdes b(i) Blind b(ii) Swaksierende	1 Kommunikasie gestremdeid 11 Gesiggestremd 11.1 Blind 11.2 Swaksierende
b. Gehoorgestremd 1. Doof 2. Hardhoierend	8-Doof 9-Doofstom	4-Gehoorgebreke (insluitende doofstomheid)	a Gehoorgestremdeid a(i) Doof a(ii) Hardhoierend	12 Gehoorgestremd 12.1 Totaal doof 12.2 Betekenisvol gehoor- gestremd 12.3 Meetbaar gehoorgestremd 13 Spraakgestremd 14 Ander kommunikasie ge- stremdeid byvoorbeeld gebrek aan vermoë om te kan lees of skryf
2. Fisiek gestremd a. Aangebore b. Verworwe	11-Kreupel 12-Spasties - parapleeg 13-Spasties - kwadrupleeg	6-Ortopediese gebreke	c Liggaamlike gestremdeid	2 Fisiek gestremd
